

# *Rokende Houtstomp*

## *Volume 10*

*Uit die ewige vuur geruk*

*(Is dit dalk jy?)*



*Joas Natan*

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skryfaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld  
nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige  
manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in  
enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die  
uitdruklike toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: [admin@joasnatan.co.za](mailto:admin@joasnatan.co.za)

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

## **Oorsig**

### **Jaar Een**

**Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.**

**Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.**

**Volume 3: 19 April tot 9 Junie**

**Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie**

**Volume 5: 1 Augustus tot 21 September**

**Volume 6: 22 September tot 12 November**

**Volume 7: 13 November tot 31 Desember**

### **Jaar Twee**

**Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie**

**Volume 9: 22 Februarie tot 10 April**

**Volume 10: 11 April tot 31 Mei (Huidige boek)**

## **Inhoudsopgawe**

Inleiding	Bladsy 7
11 April. Groot troue	11
12 April. Grootste gelykenis. 1	13
13 April. Grootste gelykenis. 2	16
14 April. Grootste gelykenis. 3	19
15 April. Grote vergifnis	20
16 April. Hart en skat	23
17 April. Hart en verstand	25
18 April. Hartsgrond	29
19 April. Hemel en hel	34
20 April. Hemel en honde	36
21 April. Hoe lank nog, Here?	37
22 April. Hoe werk dit?	41
23 April. Homoseksualisme	44
24 April. Kom ons praat oor hoop	49
25 April. If you love some one	51

26 April. Is dit ons?	53
27 April. Jobtoets	56
28 April. Julle sal sterf	60
29 April. Ken jy Hom?	62
30 April. Ken of glo	65
1 Mei. Kontantloos	68
2 Mei. Kontraste	70
3 Mei. Kraantjie	71
4 Mei. Krukke	74
5 Mei. Leuen van verwagting	76
6 Mei. Lewe uit dood	79
7 Mei. Oggendlied	82
8 Mei. Dinamika	83
9 Mei. Woordbetekenis	85
10 Mei. Liefgehê te word	88
11 Mei. Wolke en nete	90
12 Mei. Martha-Martha	92

13 Mei. Menslike nood	95
14 Mei. Met wie assosieer jy?	99
15 Mei. Miga	101
16 Mei. Wet van omgekeerdheid	104
17 Mei. Moedersdag	106
18 Mei. Gebed	110
19 Mei. My vriend	111
20 Mei. 'n Goeie mens	113
21 Mei. Allegorie	115
22 Mei. Nie liefde nie	118
23 Mei. Ingebore	121
24 Mei. Nog oor waarom	123
25 Mei. Nuwe wyn in ou sakke	126
26 Mei. Oggendgebed	128
27 Mei. Sondeput	131
28 Mei. Om soos Jesus te word	133
29 Mei. Om te besit	136

30 Mei. Om te glo	138
31 Mei. Onafhanklikheid	141

## **Inleiding**

### **Waarom?**

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

### **Waaroor?**

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.



Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

**Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?**

**Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:**

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkies lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

### **Oor die outeur en finansies.**

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

*5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)*

*Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.*

*Joas Natan*

11 April

## Groot Troue

### Eltekon: God is vastigheid.

Ek en jy is die bruid van Christus wat vir ons Bruidegom, ons Here Jesus, wag om ons te kom haal. Hierdie heugelike gebeurtenis speel af soos Jesus dit vir ons voorstel in die gelykenis van die vyf wyse en die vyf dwase maagde wat vir die koms van die bruidegom wag. Wanneer van 'n bruid en 'n bruidegom sprake is word van 'n troue gepraat. Ons as bruid **trou** met Jesus ons Bruidegom; ons word een met Hom in ons **vertrou** in Hom. Wanneer ons in Hom glo as Verlosser en Redder en Heil, wat Sy Naam Jesus vir ons beteken, beteken dit dat ons Hom **vertrou** omdat Hy **trou** is, **betroubaar** is en **getrou** is.

Uit 'n huwelik word gewoonlik nuwe mensies gebore. Met ons is dit nie anders nie. Uit ons verbintenis met ons Bruidegom word ook 'n vrug gebore. Dit is die vrug van die Heilige Gees se inwoning in ons. Die vrug is liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, **getrouheid**, nederigheid en selfbeheersing (Gal.5:22). 'n Mens kan sê God se Gees kom trou met ons gees en bring so die vrug van die Heilige Gees se inwoning in ons voort.

Dit is nou nie meer ek, ou mens, wat leef nie. Soos Egliede in die huwelik een word en die *ek* met *ons* vervang word, gebeur dit ook in die eenwording van God se Gees met ons gees. Ons is nou een met God en die ou mens het gesterf, die ekmens leef nie meer nie (Gal.2:20). In hierdie eenwording ontvang ek God se koninkryk in my, dit wil sê God, Sy Seun en Sy Heilige Gees. Die ou mens se

siel is met 'n nuwe siel vervang. Die nuwe siel dink, ervaar en wil nie meer soos die ou siel nie. Nie net ontvang ek in my trou met Hom 'n nuwe siel nie maar ook 'n nuwe liggaam wanneer die ou liggaam afsterf. Die eerste tekens van 'n nuwe liggaam is die nuwe sintuiglike ervarings wat die wedergebore mens ervaar: Nou sien die nuwe mens met nuwe oë. Hy kyk met God se oë vol liefde en deernis. Hy hoor hoe die voëltjies God prys en dank. Hy luister graag na wat goed, mooi, edel, waar en prysenswaardig is. Hy vloek en vervloek nie meer met sy mond nie maar smaak dat God goed is en laat sy mond God se eer verkondig. Hy proe nie meer die swelgpartye se oormaat kos en drank nie, nee hy proe die Brood van die lewe as hy God se Woord eet. Hy proe en smaak dat God goed is. Hy ruik die heerlike geur van medegelowiges se teenwoordigheid en hy voel hoe God se arms hom in liefde omvou.

In hierdie absolute geborgenheid van ons eerwording in ons troue met Jesus, kan ons stil by Hom sit soos 'n tevrede bruidjie en Hom toelaat om ons lief te hê, ons vir wie Hy so 'n duur bruidskat betaal het.

Dankie, Dankie, Dankie my Here en My God.

12 April

## Grootste Gelykenis (1)

### Eltolad: God is Skepper.

Vir 430 jaar het Jakob se afstammeling in Egipte gebly. Hulle het van 'n skamele minder as honderd na miljoene toe toegeneem en so het hulle 'n hele volk geword. Ongelukkig het hulle ook in die proses vir die Egiptenare so 'n bedreiging begin word dat die Egiptenare hulle as slawe onderwerp het. So leef die Israeliete as slawe in Egipte.

God besluit om Sy volk van die slawerny te verlos en hulle uit die land van slawerny uit te lei. Al wat sy volk op die ou einde van hulle slawerny bestaan verlos het, is toe God al die eersgeborenes in Egipte laat sterf het. Alleen die Israeliete wat die bloed van 'n lam aan hulle deursnyne gesmeer het, word gespaar en word van hulle slawebestaan verlos.

Die volk Israel word deur Moses uitgelei uit die land van slawerny. Om werklik te kon breek met hierdie slawebestaan is dit nodig dat hulle deur die Rooisee trek. Die wolk van die Here lei hulle bedags en 'n vuurkolom lei hulle in die nag. Die aanslag van Egipte en poging om die Israeliete weer te onderwerp en terug te bring Egipte toe word deur God afgeweer. Die Egiptenare sterf in die Rooisee. Hulle kon nie soos die Israeliete deur die see trek nie.

Die Israeliete word deur God in die woestyn gevoed met brood, vleis en water.

Nadat met die Egiptenare afgereken is, is die volgende groot uitdaging vir die Israëliete om die Beloofde Land, Kanaän, in te trek. Vir die doel word 12 verspieders die Beloofde Land ingestuur. Slegs 2, Kaleb en Josua, het die geloof om te verklaar dat God hulle teen al die reuse en versterkte stede sal help en vir hulle oorwinning oor die heidene sal gee. Die ander 10 verspieders glo nie dat God hulle kan inbring nie. Die volk kies om hulle agter die ongelowige verspieders te skaar en oorweeg om terug te trek Egipte toe.

God gee vir die ongelowige volk spesifieke riglyne, in die Tien Gebooie, oor hoe hulle moet lewe. Hulle kry ook die belofte dat hulle vanweë hulle ongeloof in God se vermoë om hulle te red, nie die Beloofde Land sal ingaan nie, maar almal in die woestyn sal omkom. Josua en Kaleb is die enigstes wat van die huidige geslag in die Beloofde Land sal ingaan.

Vir 40 jaar, swerf die volk dan ook in die woestyn rond totdat God sy belofte waar gemaak het en almal omgekom het.

Uiteindelik bereik die volk dan ook die Beloofde Land en gaan deur die Jordaan die Beloofde Land in. Hulle word deur dit wat God doen so bekragtig in hulle geloof dat God wonders met hulle doen, dat hulle in God se krag die vyande in die Beloofde Land oorwin.

Voordat hulle die Beloofde Land kon ingaan moes hulle eers deur die Jordaan trek. Weer kon hulle soos deur die Rooisee deur die water gaan as gevolg van God se wonderwerk. Op die bank van die Jordaan in die Beloofde Land moes die

volk eers besny word. Die volk leer van afhanklikheid en gehoorsaamheid wanneer hulle Jericho inneem. Hulle leer ook van die gevare om in eie krag sonder God die ou klein stadjie Ai te probeer inneem toe hulle druiptert voor die inwoners van Ai moes vlug. Hulle leer ook van die gevaar om met die heidene kompromis te maak toe die Gibeoniete hulle so maklik uitoorlê. Hulle leer ook dat hulle alleen die Beloofde Land in besit kan neem indien hulle self ook iets doen en bereid is om in geloof al dieper die Beloofde Land in te beweeg.

So baie Israeliete het in die woestyn gesterf. Baie moes ook in die Beloofde Land sterf. Alleen die wat in geloof en gehoorsaamheid aan God geleef en beweeg het, kon diep in die land van genade inbeweeg het en ten volle in besit neem wat God vir hulle wou gee.



13 April

## Grootste Gelykenis (2)

### **Epenetus: Prysenswaardig.**

*Jesus het Sy toehoorders dikwels deur gelykeniss geleer. Op die vraag van Sy dissipels oor waarom Hy dikwels deur gelykenisse met Sy toehoorders gepraat het, antwoord Hy in Mat. 13 vanaf vers 10 soos volg:*

11. As julle mooi na My verhale luister, sal julle baie oor God se mag in hierdie wêreld leer. Julle wat My ken sal die verhale reg verstaan. Maar wie die verhale nie met die oog op My boodskap wil verstaan nie, sal nooit weet wat dit beteken nie.

13. Mense wat nie wil aanvaar dat God nou en hier werk nie, sal niks verstaan van wat besig is om te gebeur nie.

16. Julle is gelukkig want julle geestelike oë sien en julle geestelike ore hoor.

*Indien ons na die geskiedenis van ou Israel kyk het ons benewens die historiese uiteensetting ook hier met 'n Goddelike gelykenis te doen. God bestuur die lotgevalle van Sy volk. Hy skryf hulle geskiedenis soos Hy dit wil hê. Hierdie verhaling van Israel se geskiedenis is nie net feitelik opgeteken nie maar dui ook op geestelike ervarings wat die mens duisende jare later sal beleef. Die geskiedenis is dus eintlik 'n profetiese gelykenis.*

*Kom ons kyk nou na wat hierdie geskiedenis vir ons as gelowiges vandag beteken en vir ons leer:*

*Israel se slawerny bestaan in Egipte dui op die ongelowige mens se sondebestaan soos ons dit vandag ken. Soos Israel in slawerny was so is die ongelowige ook vasgevang as slaaf van die sonde.*

*Soos daar vir Israel verlossing gekom het uit die slawernybestaan is dit ook vir die sondaar vandag moontlik om van sonde verlos te word. Die Israelite moes die bloed van 'n lam, sonder gebrek, aan die deurkosyne van hulle huise smeer om van die dood beskerm te word. Hierdie gebeurtenis waar die eersgeborenes van Egipte gesterf het, het die farao finaal oortuig om Israel te laat trek. So het die dood van die eersgeborenes vrymaking vir Israel bewerk. Ook vandag kan die dood van God se Eersgeborene, Ons Jesus Christus, Sy bloed, die perfekte Lam, mense van sonde vrymaak. Hierdie heuglike gebeurtenis van verlossing word dan ook vandag in die Paasfees herdenk.*

*Soos Israel deur Moses uit die land van slawerny uitgelei word, lei Jesus ons deur Sy offer aan die kruis, ook uit die land van sondeslawerny. Ons word so van die mag van sonde verlos.*

*Om werklik te kon breek met die slawebestaan moes Israel deur die Rooisee trek. So kon hulle onherroepelik die slawebestaan van Egipte agter hulle plaas.*

*Hierdie trek deur die Rooisee kan op die hedendaagse doop van gelowiges dui. Wanneer die mens tot bekering kom laat hy hom doop. In hierdie gebeurtenis by die Rooisee kan daar heelwat raakpunte met gebeurtenisse in die gelowige se lewe gevind word. Die verteenwoordigers van die persone wat Israel in slawerny gehou het, sterf in die Rooisee. Terselfdertyd leef die Israëliete nadat hulle deur dieselfde Rooisee getrek het. Hierdie gebeurtenis mag dui op die ou mens wat sterf in die doopwater waar hy nie kan asemhaal nie en die nuwe mens wat begin lewe sodra hy die Gees van God inasem wanneer hy uit die doopwater opkom, wat simbolies in die bekeringsdoop uitgebeeld word. Al die Israëliete is deur die Rooisee. Dit mag daarop dui dat groot en klein simbolies gedoop is as bevestiging van die vrymaking van die sondebestaan.*

14 April

### Grootste Gelykenis (3)

#### Erastus: Geliefde.

Josua en Kaleb is die enigste twee verspieders wat glo dat God die struikelblokke in die Beloofde Land kan oorwin. Hulle is dan ook die enigste volwassenes wat die Beloofde Land ingaan, veertig jaar later. Ook ons kan alleen die Ewige Beloofde Land ingaan indien ons God vertrou. Die nuwe geslag wat deur die Jordaan die Beloofde Land ingaan moes op die walle van die Jordaan eers besny word. Ook by ons moet die nuwe geslag gelowiges gedoop word wanneer hulle die Beloofde Land van God se Genade betree. Ons moet leer om soos Israel op die Here te vertrou vir oorwinning. Om om Jericho te stap en te glo dat God die oorwinning sal gee, vra baie geloof. Ook ons moet leer dat God se krag in ons swakheid volbring word en dat ons God moet vertrou, al lyk wat Hy doen nie vir ons logies nie. Die harde les wat Israel geleer het by Ai, is ook dikwels ons voorland wanneer ons op ons eie krag en insig vertrou om die ou klein lewensprobleempies sommer self te hanteer. Ons leer met die verhaal van die Gibeoniete dat ons nie op ons eie insig moet staatmaak nie maar God moet soek, vra en vertrou al lyk alles vir ons so logies en voor die handliggend. Ook by ons werk dit so dat God nie 'n stilstaande voertuig kan stuur nie maar dat ons vir Hom in beweging moet kom voordat ons Hom kan vertrou om lewenskoers te bepaal. Soos Israel God kon vergeet het en afgode begin dien het, moet ons ook bedag wees op die verleiding van satan en die subtiele afgode in ons lewens.

15 April

## Grote Vergifnis

### Eri: Wakend.

In Mat. 18: 21 begin Jesus die gelykenis vertel van die beampte wat nie sy medebeampte wou vergewe nie, selfs nie eers nadat die koning die eerste beampte se groot skuld afgeskryf het nie.

Die gelykenis verhaal 'n beampte se groot nood toe hy uitgevang is en dit geblyk het dat hy die koning R600 miljoen geskuld het. Dit moes 'n uitsonderlik genadige koning gewees het wat die betrokke beampte se skuld alles afgeskryf het omdat die beampte jammer was, sy skuld bely het en die koning gesmeek het om genade.

Die tweede deel van die gelykenis gaan oor wat die betrokke beampte gedoen het toe hy vrygekom het en 'n ander beampte raakgeloop het wat hom 'n relatief klein bedraggie geskuld het, naamlik R100. Hy het nie soos sy koning gemaak en sy mede beampte jammer gekry toe die hom gesmeek het om genade nie. Nee, hy het sommer dadelik gereël dat sy mede beampte in die tronk gegooi moet word totdat hy al sy skuld betaal het.

Toe die koning hiervan hoor was hy woedend en het gereël dat die eerste beampte in hegtenis geneem moet word, in die tronk gegooi moet word en dat hy daar moet bly totdat hy al R600 miljoen betaal het.

Kom ons staan vir 'n rukkie stil by hoe groot die skuld was wat vir die beampte afgeskryf is en hoe klein die bedraggie was wat aan hom verskuldig was. In die *Bybel vir Almal* word by die voetnota vir hierdie gedeelte die volgende inligting verstrekk: *Die tienduisend talente skuld wat vir die eerste beampte afgeskryf is, is meer as wat 60 miljoen werkers vir een dag sou verdien het.* Dus in ons tyd ongeveer 600 miljoen rand ( Teen R100 per dag) Die 100 silwerstukke was gelyk aan die dagloon van 100 werkers, dus omtrent R10,000 ( uitgewerk teen R100 per dag) So word hy R600,000,000 se skuld afgeskryf en hy wou nie R10,000 vir sy mede beampte afskryf nie. Vir elke R1 wat hy vir sy mede beampte sou afskryf sou sy koning vir hom R60, 000 afskryf. Dus R60, 000 vir elke R1 wat aan hom verskuldig was. Indien 60,000 teen 1 op 'n dag se tydsinhoud bereken sou word, sou dit beteken dat indien hy sy mede beampte eenmaal per dag sou vergewe het, sy koning hom elke een minuut sou vergewe het. Al wat die koning van hom verwag het is dat hy sy mede beampte een keer 'n dag moes vergewe het. In ruil hiervoor sou die koning hom elke minuut van die dag een keer vergewe.

Natuurlik is dit 'n gelykenis. In die gelykenis is ons die eerste beampte vir wie ons lewensskuld van honderde miljoene sonde afgeskryf word deur ons groot

Koning, Jesus wanneer ons voor Hom neerval, ons sondes bely en pleit dat Hy ons moet vergewe. God is so genadig in Sy eindelose liefde dat Hy ter wille van wat Jesus vir ons gedoen het, die sondes afskryf. Volgens die gelykenis elke **minuut** van elke dag doen God dit vir ons. Al wat Hy van ons verwag is dat ons eenkeer '**n dag** iemand moet vergewe wat ons te na gekom het.

Die verskriklike les wat hierdie gelykenis ons leer, is dat indien ons nie ons skuldenaars een maal per dag kan vergewe nie, ons nie moet verwag dat God ons hoegenaamd sal vergewe nie; nie een maal per dag, per minuut of in alle ewigheid nie.

*Mat. 18: 34:*

*Die koning was baie kwaad. Hy het die amptenaar vir die tronkbewaarders gegee. Hulle moes hom aanhou slaan totdat hy alles betaal het wat hy skuld.*

***35. My Vader in die hemel sal dieselfde doen met julle, as julle nie mekaar wil vergewe nie. Julle moet dit doen met julle hele hart.***

16 April

## Hart en skat

### **Esbaül: Man van die Heer.**

Die Bybel leer ons *waar ons skat is daar sal ons hart ook wees*. Wat sal die een ding wees wat jy die meeste begeer? Wat sal jy die heel heel graagste wil hê? Indien jy vandag God op Sy belofte neem dat Hy vir jou die goeie gawe sal gee wat jy van Hom vra, wat is dit wat jy sal vra?

‘n Ou oom sê my dat hy oor hierdie vraag gedink het en dat die een ding wat hy die heel meeste begeer die volgende is:

*Wanneer Jesus kom om Sy bruid te kom haal, met die wegraping van Sy kerk, sal hy graag deel van daardie groepie mense wou wees wat Jesus in die lug tegemoet gaan.*

Hy sê dat hy die vrymoedigheid geneem het om op Jesus se belofte, dat Hy goeie gawes sal gee aan die wat Hom vra (Mat. 7:7), te reageer. Hy het God gevra om hierdie een ding wat hy bo alles begeer vir hom te gee. Net nadat hy hierdie versoek tot sy Vader gerig het, het hy die Bybel oopgemaak en die heel eerste woorde wat hy gelees het staan in Mat. 8:13:

***Gaan, dit sal gebeur net soos jy glo.***

Die ou oom glo en weet dat sy Vader dit net so sal laat gebeur, net soos hy dit gevra het.



Wil jy nie dalk ook jou grootste begeerte voor jou Vader kom bring nie?

17 April

## Hart-Verstand-Hart

### Esban: *Verstand.*

Voor die sondeval het Adam en Eva sonder kennis van die sonde in die paradys geleef. Daar was niks om te verstaan nie, daar was geen rede om iets te verstaan nie. Hulle kon net salig in hulle ongekompliseerde wêreld leef. Hulle was innig aan God verbind, het vrede en liefde ervaar, was oor niks bekommerd nie, en het net positiewe emosies geken. Hulle het die ideale emosionele toestand beleef. Die denke het nie eintlik 'n rol gespeel nie; daar was nie ingewikkelde kwessies wat hulle moes bereneer om tot besluitneming te kom nie. Hulle het nie ekstra kennis vir aanpassing en oorlewing benodig nie. Hulle het die salige toestand van 'n hartsbestaan ervaar.

Na die sondeval het hulle hierdie hartsbestaan verloor. Hulle het die era van kennis, van 'n verstandsbestaan betree. Immers het satan dit so aan Eva beloof naamlik dat sy alles sal kan weet indien sy aan God ongehoorsaam sou word. Sedertdien leef die mens, oorleef die mens, deur sy intellektuele vermoëns, of so glo hy. Die mens het sy hartsbestaan vir 'n intellektuele bestaan verruil. Die Rasionalisme het begin, die Intellektualisme het die kern van sy bestaan geword. Hiermee saam het die een wat die verstand tot sulke hoogtes kon verhef die afgod van die mens se bestaan geword. So is humanisme, die verafgoding van die mens, gebore. Om die mens te help om in hierdie selfgerigte wêreld kop te hou en te oorleef het God riglyne vir die mens verskaf en die Gebooie het gekom. Die mens

kon die wet lees, ken, onthou en probeer toepas. Vanuit sy intellektuele bestaan het die mens dan ook 'n gevoel van onafhanklikheid ervaar. Hy was immers die bepaler van sy eie lot deur sy onbeperkte intellek, of so het hy geglo. Al die wonderlike dinge van die hartsbestaan soos liefde, genade, vertrouwe, 'n intieme verhouding met God, vrede en positiewe emosies het grootliks in die slag gebly. Die mens sou self goed wees deur sy eie wette na te kom. Die hartsbestaan het in die slag gebly.

Na Jesus se koms het alles begin verander. Jesus is God van Liefde. Jesus bring die hartsbestaan weer terug. Na Jesus se koms was daar weer die moontlikheid vir hartsdinge soos liefde, vrede, genade, vergifnis, afhanklikheid. Dit is dinge wat die vrug van God se Gees in mense se lewens terugbring het. Die verstandelike oorheersing het klipharte tot gevolg gehad.

Die moderne mens sit tans in die dilemma van hierdie twee leefwyses wat elk 'n aanspraak op sy lewe maak. Die verstandelike oorheersing wat na die sondeval die mens se lot geword het, dring die moderne mens tot die keuses wat hy uitoefen. Die genade van die Evangelie van Jesus doen 'n beroep op die mens se hart. Die meeste mense oorkom hierdie probleem deur 'n middeweg te probeer volg. Dit sal iets soos die volgende wees:

*Ons uitgangspunt is die intellek en kennis. Na die kennis voeg ons die kopevangelie by. Dit sal iets wees soos: Nou dat ek die kennis het kan ek begin glo. Ek glo dan ook met my verstand dat daar 'n god is. Ek kan selfs soos die*

*demone glo dat God 'n Seun het. Ek kan selfs weet dat die Seun van God na die aarde toe gekom het. Ek kan selfs met my kop glo dat Jesus vir mense se sondes kom boet het. Ek kan ook glo dat Jesus uit die dood opgestaan het.*

***En dan kan hierdie selfde mens nog steeds op pad hel toe wees met sy koppelooft en al.***

Die volgende vraag ontstaan nou: *Wanneer word koppelooft reddingsgeloof?*

Reddingsgeloof sal slegs kom wanneer koppelooft afsak na die hart toe. Alleen hartsgeloof kan red.

Koppelooft het 'n dooie hart tot gevolg. Die hart verhard vanweë rigor mortis wat intree. Die dooie hart verstyf en die mens word aangedryf deur die koppelooft. Die lewensbloed van die hart het gestol. Daar is nie meer die lewensbloed van liefde, jammerte, trane, afhanklikheid, deernis, aanvaarding, selfverloëning, oorgawe, toelaat en vrede wat deur die geloofshart vloei nie. Al wat op die versteende hart geskryf is, is die koue wet van doen om gered te word. Die eerste lewensbloed wat in die kliphart invloei is die jammerte, die trane oor sonde. Dit is veel meer as die wete van sonde wat so dodelik elke Sondag sielsversluitend, verstandelik oor die gemeentes uitgegiet word. Trane maak die kliphart sag, die water van die trane deurweek die kliphart totdat die Water lewe begin bring. Dan begin die hart soekend raak. Daar moet tog uitkoms wees. Die hart kan nie net huil nie. Dan begin die hart gereed word om die Oplossing te ontvang. Die kopwete kan nou begin hartwete raak. Kennis kan by geloof verby beweeg na

vreugdevolle aanvaarding en hartsverandering. Die sagte hart wat nou in die binneste van die mens ontstaan bedink nie, redeneer nie, ken nie tot redding nie. Nee die sagte wete van God se liefde word aanvaarding op die mees intieme persoonlike vlak. 'n Diep persoonlike verhouding tussen die mens en sy God kom tot stand. Vanuit hierdie persoonlike verhouding word God se liefde deur Sy Gees in die mens se hart in verplant. Uit hierdie liefde vloei die vrug van God se Geestelike inwoning deur vrede en vreugde. Hierdie sagte hart vol liefde, omgee, deernis, vergifnis en jammerte is die bron waardeur God se liefde dan op ander uitgestort kan word.

Dan is die siklus voltooi:

*Die sagte hart het 'n kliphart geword maar genadiglik nie 'n kliphart gebly nie.*

In Mat. 13:5 staan hierdie toepaslike woorde opgeteken:

*Want hierdie volk se **hart is afgestomp**- hulle kan beswaarlik met hulle ore hoor, hulle het hulle oë gesluit, sodat hulle nie met hulle oë sien en met hulle ore hoor en met hulle **harte verstaan** en terugkeer en Ek hulle genees nie.*

**Esegiël: God is magtig.**

In Lukas 8: 5 tot 15 vertel en verklaar Jesus die gelykenis van die saaiër. In hierdie gelykenis is Jesus die saaiër en die saad is Sy Woord.

1. Die saad wat op die **voetpad** val, stel die verharde harte van mense voor. Die saad van die Woord nie kan indring nie. Die satan kom en steel die saad van die Woord weg uit die mense se harte uit.
2. Die saad wat op **klipperige grond** val stel die Woord as saad voor. Hierdie Woord van God word deur die mense geniet. Hulle luister graag daarna, maar die Woord dring nie in hulle hart in nie. So kan die Woord dan ook nie enige invloed in hulle lewens uitoefen nie. Hulle weet die boodskap is waar en hulle glo vir 'n rukkie daarin, totdat die probleme van die lewe hulle fokuspunt word. Dan verloor hulle gou belangstelling.
3. Die saad wat **tussen die doringbosse val is** die Woord wat graag deur mense beluister word, deur die mens geglo word maar hulle geloof word gou dood gewurg deur bekommernis, rykdom, verantwoordelikhede en die plesiere van die lewe.
4. Die saad wat in **goeie grond** val en baie vrug dra is die Woord wat deur mense opreg ontvang word, en sagte goeie harte het. Hulle luister graag na die Woord, hou dit vas, bedink, laat dit in hulle groei, gehoorsaam dit en deel dit met ander mense.

Die groot vraag gaan nou om waar jy jou bevind ten opsigte van hierdie vier groepe mense. Met ander woorde: Hoe is jou hart? Is jou hart:

1. **Verhard** sodat die Woord nie kan inkom nie?
2. **Oppervlakkig**. Verdwyn die Woord uit jou hart wanneer jy tussen ander mense is, aan interessante dinge van die wêreld blootgestel word, jy jouself geniet?
3. **Vol dorings** en distels wat die Woord verdring- dinge soos bekommernis, die sug na rykdom, te veel verantwoordelikhede, die sug na lewensgenot en plesier?
4. Of is jou hart **sag en ontvanklik** vir die Woord, hou jy daaraan vas en leef jy dit uit as die belangrikste invloed in jou lewe?

Elke mens sal seker graag in die laaste kategorie wil val. Waarom is almal dan nie in hierdie kategorie nie? Is dit moontlik vir almal om in hierdie kategorie in te kom? Moontlik is die antwoord te vinde in hoe die grond van die menslike hart lyk.

1. Wat maak die mens se hart hard, soos 'n voetpad, sodat die Woord nie kan indring en groei nie?

*'n Verharde hart het baie met die afgod wat die mens van homself maak te doen. Wanneer alles in die lewe om die self gaan, raak die mens se hart hard. Dan is dit net **I, Me and Myself** wat saakmaak. Hierdie mens is selfgenoegsaam en voel hy het nie ander nodig nie. Rykdom, kwalifikasies,*

*aardse sekuriteite, voorspoed en bekwaamheid speel 'n groot rol in hierdie selfgenoegsaamheid. Die liefde vir die self word gewoonlik aangevul met die liefde vir aardse dinge.*

***Om uit die greep van die selfgod te ontsnap word gehoorsaamheid vereis.***

***Jesus sê:” As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg”. Hierdie gehoorsaamheid is net moontlik wanneer 'n siel tot bekering kom, Jesus se vergifnis aanvaar, in Hom glo as die opgestane Heer, en sy lewe aan Jesus oorgee, om daarmee te maak soos Hy wil.***

2. Waarom het sommige mense 'n belangstelling in God se sake maar nie diepte nie sodat hulle gou verloor wat God in hulle harte geplant het?

*Die aantrekkingskrag van al die dinge wat die eerste groep se harte so hard gemaak het speel hier ook 'n rol. Daar is net 'n bietjie minder selfliefde, so 'n bietjie minder van myself. Dalk is die persoon nie so ryk, bekwaam en geleerd nie. Dalk het die lewe die persoon al 'n bietjie rondgerol en hom gewys dat hy nie op sy eie deur die lewe gaan kom nie.*

***Dieselfde oplossing wat vir die eerste groep gegeld het, geld ook hierdie persoon. Dit sal net so 'n bietjie makliker vir hierdie mense wees. Jesus het gesê dat die saad van die Woord verdroog by hierdie mense. Die oplossing sal wees om die Lewende Water aanmekaar in jou lewe te laat invloei. Dit beteken om nooit sonder Jesus iets aan te pak nie. Om Hom toe te laat om daardie ou geloofsplantjie wat in jou begin groei het, te***



*voed en te laaf. Dit gebeur wanneer Sy Woord mildelik in jou woon. Gooi die geloof gereeld nat met Sy Woord en Gebed en weet dat jy sonder Hom niks kan doen nie.*

3. In die tyd wat ons leef is dit veral die derde groep waarmee die meeste van ons kan identifiseer. Dit wil sê ons wat die Woord gehoor het, dit geglo het, oordink het, toegelaat het dat dit groei en in ons en vrug dra. Tog is daar dinge wat hierdie geloofsplantjie **verstrengel en dooddruk**.

*Dalk is dit in jou lewe ook nodig om te kyk watter rol bekommernis speel. Gee jy waarlik oor aan Hom? Vertrou jy Hom volkome? Wag jy op Hom met verwagting, in die wete dat Hy jou hoor en jou verhoor, op Sy tyd soos Hy wil?*

*Laat jy dalk toe dat die voortdurende gesug na meer en meer besittings jou lewe beheer? Is jy dalk nooit te vrede met dit wat God aan jou toevertrou nie?*

*Neem jy dalk te veel verantwoordelikhede op jouself. Vra jy jouself nog af of dit waarmee jy besig is, werklik sinvol is, of neem jy dalk te veel van ander se verantwoordelikhede op jou, sonder dat jy iets daaraan kan doen?*

*Is jou liefde vir gerief, genot en plesier dalk vir jou belangriker as jou verhouding met God?*

4. *Wanneer jy smag na 'n sagte hart en jy God daarvoor vertrou, sal Sy liefde jou begin dring om goed te doen. Jy sal in Sy liefde ander begin vergewe. Jy sal Sy Woord met ander deel. **Jy sal begin vrug dra.***

19 April

## Hemel en Hel

### Esem: Krag.

- 1 *Hoe kan ek die hel verkies bo die hemel, en dit vir ewig kies?*
- 2 *Hoe kan ek kies om die pyn van die helse vuur te verduur bo die salige vrede van die hemel.*
- 3 *Hoe kan ek die geselskap van satan, sy demone, die godslasteraars en anti-christe verkies bo die salige teenwoordigheid van God, Jesus, die Heilige Gees en ander gelowiges?*
- 4 *Hoe kan ek die gekerm, die gehuil, die smeking van verlore siele in die hel verkies bo die juig en aanbiddings en vreugdesang van die geredde kinders van God in die hemel?*
- 5 *Hoe kan ek kies om van helse pyn uit te skreeu eerder as om van ekstase uit te roep?*
- 6 *Hoe kan ek die geselskap van my boeties en sussies in die hemel opgee vir die skelmstukke, die arrogansie, die selfgesentreerdheid die agterbaksheid, die skinder en slegsê, die gevloek in die hel?*
- 7 *Hoe kan ek kies om vir ewig gestraf te word eerder as om vir ewig die vergifnis en vrede van vryspraak te ervaar?*
- 8 *Hoe kan ek in die plek van vrede ewige onvrede verkies?*
- 9 *Hoe kan ek die liefde in die hemel ruil vir die haat van die hel?*
- 10 *Hoe kan ek God se liefdevolle geduld verruil vir die ongeduld van satan?*

*11 Hoe kan ek verkies om die vriendelike gesig van God te verruil vir die bose  
haatlike gesig van satan?*

*12 Hoe kan ek God se goeie sagte hart verruil vir die yskoue, verharde,  
haatlike hart van satan?*

*13 Hoe kan ek God se getrouheid verruil vir satan se leuens?*

*14 Hoe kan ek die nederigheid van God verruil vir die arrogansie van satan?*

***Hoe, vra ek jou, Hoe?***

20 April

## Hemel en Honde

### Eser: Hulp.

Hoe sal jy weet of iemand die Gees van God in hom het? Hy sal die vrug van die Heilige Gees se inwoning uitleef. *Watter vrug?* mag jy vra. Gal. 5: 22 noem die volgende vrug: *Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Hierdie vrug van die Heilige Gees word dikwels in die mens se beste vriend, naamlik 'n hond, aangetref. Neem nou maar 'n tipiese Labrador. Hy is baie *liefdevol* ('n kind kan maar sy ore trek en op sy rug ry, hy sal alles in liefde verdra). Hy is vol *vreugde* (Kyk maar hoe bly is hy wanneer jy van die werk af by die huis aankom). Hy is nie bakleierig nie. Hy is baie *geduldig* veral met sy jonger basies. Sy gesig spreek altyd van *vriendelikheid*. Hy sal sy kos *deel* met ander honde sonder om 'n geveg daaroor te begin. Hy is absoluut *getrou* aan sy eienaar en sal die eienaar ten alle koste beskerm. Hy is die tipiese *nederige hond* wat niks van homself dink nie. Hy het *selfbeheersing* en, indien reg geleer, sal hy nie eet voordat sy baas toestemming gee nie.

**Dit laat 'n mens wonder of daar nie dalk meer honde as mense in die hemel sal wees nie.**

**Esli: Die Here het bewaar.**

Hierdie vraag is 2000 jaar gelede deur Jesus se dissipels aan Hom gevra ten opsigte van die eindtydgebeure. Vandag word hierdie vraag toenemend deur God se kinders gevra. Die wat baie naby aan Jesus beweeg gee ons die versekering dat Sy wederkoms baie naby is. Wat het Jesus in hierdie verband gesê? Kom ons kyk na die pragtige uiteensetting van Jesus se antwoord soos Lukas dit vir ons opgeteken het in Lukas 21 vers 8 tot 36.

1. Vanaf vers 8 tot 11 gee Jesus 'n oorsig oor die tydperk direk na Sy hemelvaart tot en met Sy wederkoms aan die einde van die tye. Die volgende dinge moet in hierdie paar duisend jaar gebeur:
  1. *Misleiding deur valse christusse wat hulle sal voordoen as Jesus.*
  2. *Oorloë en opstande*
  3. *Koninkryke op die aarde sal in hewige gevegte betrokke raak, Lig en duisternis sal teen mekaar baklei.*
  4. *Aardbewings, hongersnood en pessiëktes.*
  5. *Groot tekens aan die hemelliggame.*
2. Vanaf vers 12 word die gebeure wat gaan volg tot by Jesus se wederkoms kronologies in meer besonderhede bespreek. Die eerste ding wat gaan gebeur na Jesus se hemelvaart word so aangekondig: *Maar voor al hierdie*

*dinge* ..... Dit wil sê die dinge waarvan Jesus 'n opsomming gegee het in vers 8 tot 11..... sal die volgende gebeur:

1. *Vervolging van die Christene.* Dit het begin direk na Jesus se hemelvaart en was die groot krag tot verspreiding van die Evangelie.

2. *Verraad teen die Christene deur hulle geliefdes, vriende en familie.*  
*Baie Christene sal so deur bekendes se toedoen hulle lewens verloor.*

3. *Christene sal deur almal gehaat word ter wille van Jesus se Naam.*

Hierdie gebeure het begin na Jesus se hemelvaart en het voortgeduur tot vandag.

3. *Die verwoesting van Jerusalem* word aangekondig in vers 20. Die gebeure soos beskryf het letterlik so plaasgevind toe Titus in 70 nC. Jerusalem ingeneem en verwoes het, sodat daar nie een steen op die ander gelaat is nie.

*Die verstrooiing van Israel oor die hele aarde.* In vers 24 word hierdie wegvoering van Israel soos volg beskryf (1953 Vertaling):

*En hulle sal deur die snerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies.....* Vir 2000 jaar het hierdie profesie van Jesus in vervulling gegaan en was Israel onder die nasies versprei gewees.

*Die tyd van die nasies* soos beskryf in vers 24 *sal vervul word.* Hierdie tyd sal dus verbygaan. Die tyd van die nasies het letterlik verby gegaan toe die Balfour verklaring in 1917 uitgereik is, en die Jode die geleentheid gekry

het om terug te keer na hulle vaderland. In 1948 het hulle amptelik weer ‘n nasie geword. In 1967 het hulle Jerusalem as hoofstad teruggekry. Waarlik die tyd van die verspreiding onder die nasies, soos deur Jesus geprofeteer, het tot ‘n einde gekom.

4. Die laaste hoofstuk in die wêreld se geskiedenis voor Jesus se wederkoms word in vers 25 aangekondig. Dit is die tyd waarin ons nou leef na 1917 toe die tyd van die verspreiding van Israel onder die nasies tot ‘n einde gekom het.

*En daar sal tekens wees aan die son, maan en sterre.....* Opmerklik is die rare verskynsel van gereelde bloedmane en sonsverduisterings wat in ons tyd plaasvind (2017).

*Op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid.* Hierdie is ‘n uitsonderlik goeie beskrywing van die hedendaagse gemoedstoestand van bykans alle nasies. Toenemend word die aarde se bevolking radeloos. Hulle weet nie meer wat die oplossing vir die legio probleme op die aarde is nie. ....*en mense se hart beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom.*

5. *En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlijkheid* (Vers 27). Vir sommige gelowiges is hierdie gebeurtenis die langverwagte **wegrapping** van God se kinders. Ten opsigte van hierdie gebeurtenis word daar in vers 36 die volgende opmerking deur Jesus gemaak:



*Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan.*

***Maranatha! Kom gou Here!***

22 April

## Hoe werk dit?

### Esra: Hulp.

Die ou oom sê hy soek al 75 jaar na 'n verklaring van hoe die dinamika van die lewe werk. Wat hy wel weet is dat daar sekere werklikhede is wat die uitkoms van 'n mens se lewe beïnvloed. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie faktore:

1. God is Almagtig, Alwetend, Alwys en Algoed. Hy is vol genade en liefde. Hy kan doen wat Hy wil met 'n mens se lewe.
2. Die mens het 'n eie wil en kan keuses uitoefen; goed of sleg.
3. Na die sondeval leef die mens in 'n gebroke wêreld, waar die natuur, onder andere, 'n invloed op die mens uitoefen.
4. Die mens leef saam met ander mense, van wie sommige goed en van wie ander sleg is. Mense se keuses in die lewe beïnvloed ander mense se lewens.
5. Voor die mens geskep is, is die duiwel saam met duisende engele uit die hemel gegooi omdat satan so baie van homself gedink het en hy self god wou wees. Satan en die demone beïnvloed mense se lewens.
6. Die mens leef onder al hierdie dinamika sy lewe uit.

**Die vraag is nou: Hoe werk hierdie faktore in die mens se lewe saam?**

**Hoe word die mens se lewe deur hierdie faktore beïnvloed? Wat of wie het prioriteit? Wanneer speel faktore 'n rol en wanneer nie?**

Kom ons probeer die probleem aan die hand van 'n voorbeeld illustreer:

*'n Goeie vrou, 'n Christen, wie aktief vir God werk in die gemeenskap, word deur haar tuinier verkrag en daarna word sy verwurg.*

Hoe kan hierdie gebeurtenis verklaar word?

- 1. Watter rol het God hier gespeel? Hy het tog in Sy alwetenskap gewet wat gaan gebeur? Het Hy dit toegelaat, of was Hy nie betrokke nie. Die vrou het as gelowige tog God se beskerming oor haar lewe afgebied.*
- 2. Het die vrou swak keuses gemaak? Moes sy nooit die tuinier vertrou het nie. Het sy iets aan die tuinier gedoen wat die tuinier veronregt laat voel het? Was die goeie vrou onverantwoordelik om alleen in haar huis te woon? Het sy God nie genoegsaam vertrou nie?*
- 3. Het die gebroke wêreld die optrede van die tuinier beïnvloed? Was hy siek, onder die invloed van verdowingsmiddels, het hy swak keuses gemaak, het hy homself oopgemaak vir demoniese invloede? Wat het in sy verlede gebeur wat sy gedrag beïnvloed het. Het sy genetiese samestelling iets met sy gedrag te make gehad?*
- 4. Was die tuinier demonies besete?*
- 5. Wat was die invloed en rol van die verskillende faktore om tot die tragiese gebeurtenis by te dra. Watter faktore het prioriteit geword en watter was ondergeskik?*

**Om die ou oom se probleem op te los is intellektueel onmoontlik. Die enigste manier wat hierdie probleem hanteer kan word is om bietjie laer as die intellek, naamlik in hart van die mens, vir verklarings te soek. Hier in die hart van die mens sal jy God se hart en Sy Gees aantref. Hy het die antwoorde op die mens se vrae. Dit is egter nie te sê dat dit God se wil is om aan hierdie kant van die graf alreeds die antwoorde vir ons te gee nie. Dit mag wees dat Hy van ons verlang om Hom te vertrou, Sy oordeel te vertrou, Sy goedheid en liefde te vertrou en om Hom toe te laat om Sy skepping te bestuur soos Hy wil.**

**Eter: Oorvloed.**

In die debat oor homoseksualisme word daar dikwels van die volgende twee argumente gebruik gemaak om die aanstelling van gay predikante te regverdig:

1. 'n Persoon kan nie sy geslagtelijke voorkeur kies nie. Hy is geneties gepredisponeer om manlik, vroulik of dubbelslagtig te wees. Indien 'n persoon dan homoseksueel is, volgens sy genetiese gepredisponeerdheid, kan hy nie help dat hy is wat hy is nie. Aangesien hy nie kan kies om homoseksueel of nie-homoseksueel te wees nie, kan hy ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir wat hy is nie. So 'n persoon kan nie veroordeel word vir dit wat hy is en wat hy nie kan verhelp nie. Daarom is so 'n persoon vrygespreek en mag hy soos enige ander persoon in kerklike ampte dien.
2. Homoseksualisme is nie sonde nie. Die NG sinodebesluit van 2015 ondersteun hierdie standpunt. Wetenskaplike skrifuitleg dui daarop dat die Bybel verkeerd vertaal is. Homoseksualisme word nie in die Nuwe Testament as sonde uitgewys nie.

**Teenoor hierdie argumente vir gay predikante kan daar egter enkele teenopmerkings gemaak word. Die uitgangspunt van hierdie argumente sal Christelik Fundamentalisties wees in teenstelling met bogenoemde wat na die skrywer se mening Sekulêr Humanisties is.**

1. Homoseksualisme is sonde. In die praktisering van homoseksualisme vind sodomie plaas (Oxford Dictionary: *Sodomy is the unnatural sexual intercourse especially between males*). God het 'n hele stad se mense met vuur en swael uitgewis omdat hulle onder andere sodomie beoefen het (Genesis 19:4 tot 13).

In die Nuwe Testament is daar heelwat verwysings na sodomie en homoseksualisme. Vir die doel van hierdie skrywe sal daar by net een van hierdie verwysings stilgestaan word naamlik 1Kor. 6:10:

**1933 en 1953 Vertaling:**

*Moenie dwaal nie! Geen-----sodomiete ----sal die koninkryk van God beërwe nie.*

**1983 Vertaling:**

*Moenie julleself mislei nie: Geen ----mense wat homoseksualiteit beoefen--sal deel kry aan die koninkryk van God nie.*

**2014 Vertaling (Voorlopig slegs die Nuwe Testament)**

*Laat julle nie mislei nie-----geen mans wat met mans intiem verkeer---sal die koninkryk van God as erfdeel kry nie.*

In die voorwoord tot die mees onlangse vertaling, die van 2014, word die volgende ten opsigte van die vertaling vermeld:

*Die brontekste wat gebruik word, is die produk van jare se toegewyde navorsing deur kundiges op die terrein van teksoorlewering. Daarom word dit wêreldwyd*

*as die betroubaarste Bybeltekste beskou en word dit sonder uitsondering deur alle lede van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe gebruik.*

2. Dit bring ons by die eerste argument ten gunste van die aanstelling van gay leraars in die N.G. kerk, naamlik die van genetiese gepredisponeerdheid. Met die uitsprake van 1 Kor. 6:10 verval die argument ten opsigte van genetieses gepredisponeerdheid as regverdiging vir die aanstelling van gay predikante. Al is 'n mens geneties gepredisponeer tot homoseksuele oriëntasie is God se Woord baie duidelik dat so 'n persoon nie in God se koninkryk sal ingaan nie. Die wat nie met hierdie uitspraak van God saamstem nie en dink dat God onregverdig is, dat Hy verkeerd is, moet maar self die saak met God opneem. God se Woord is baie duidelik in hierdie verband. Indien die leraar 'n aktiewe praktiserende homoseksueel is, is dit tog ondenkbaar dat hy die gemeentelede tot hemelse inwoning kan begelei indien hyself nie kan ingaan nie.

3. Enkele gedagtes ten opsigte van gepredisponeerde homoseksualiteit.

*Die mens word in sonde ontvang en gebore. Hy is van sy geboorte af reeds sondig. Geen baba of kind hoef geleer te word om sleg te wees nie. Die jong baba is reeds selfsugtig en sal nie skroom om die ander baba se goed af te neem of die ander een seer te maak nie. Indien daar nie dadelik aan sy behoeftes aandag gegee word nie, sal hy dit luidkeels verkondig. Reeds by hierdie klein kindjie is die kiem van **I, Me and Myself**, en sodoende 'n*

*selsugtige narsistiese bestaan, ingebore. Die vraag ontstaan nou of die gepredisponeerde sondige aard van die mens, 'n verskoning is vir wandade wat hy in sy lewe gaan pleeg.*

*Iewers langs die lewenspad moet die mens tog verantwoordelikheid aanvaar en besef dat hy nie net aan sy drange uiting kan gee wanneer hy daarna voel nie. Ek kan tog nie elke persoon wat my frustreer, wanneer ek in my motor op pad stad toe is, uitwis nie, al voel ek baie keer daarna. My sondige predisposisie sê: vloek, wys tekens, vervloek, maak die pes dood, krap sy motor ens. Maar my sondige gepredisponeerde aard gaan my beslis in die moeilikheid laat beland indien ek buite die samelewingsnorme uiting daaraan gaan gee. Die bewys dat ek nie aan my sondige gepredisponeerdheid uitgelewer is nie, is die feit dat miljoene mense daaglik by hulle werk opdaag sonder dat hulle moord gepleeg het. Indien die homoseksuele persoon dan nie sy aangebore aard vir sy afwykende gedrag kan blameer nie moet hy 'n ander regverdiging vir die uitlewing van sy onnatuurlike drange vind. Die enigste ander regverdiging vir homoseksualisme is om die norm van wat reg en verkeerd is te verander. Die samelewingsnorm moet gewysig word om die homoseksuele gedrag aanvaarbaar te maak. Hierdie proses is grootliks reeds vir die homoseksueel oor die wêreld voltrek. Enkele bastions staan egter nog, soos die uitspraak van die Bybel in hierdie verband. Vandaar die aanslag teen die kerke om hulle Bybelse norms te laat vaar. Die jammerlike kapitulasie*



*van die NG kerk in sy sinodebesluit van 2015 is 'n voorbeeld van hoe suksesvol die sataniese aanslag teen God se Koninkryk in die eindtyd is.*

Dit wil ten slotte voorkom of die uitkoms van die berenering van hierdie aangeleentheid grootliks bepaal gaan word deur die uitgangspunte van die persone wat die saak beredeneer. Indien jou uitgangspunt die van die Sekulêre Humanis is, staan die mens en die mens se belang voorop. Die mens word dan sy eie god en God se Woord word ondergeskik aan die mens en die mens se belang gemaak. Indien jy die saak as 'n Christelike Fundamentalis benader staan God en Sy Woord voorop en glo en doen jy wat Hy sê. In laasgenoemde geval sal die homoseksuele prediker onaanvaarbaar wees

24 April

**Kom ons praat oor die hoop:**

**Etnan: Gawe.**

Dit is nogal 'n aangrypende uitdaging: *Wat laat jou hoop wankel?*

Skrywer het geen hoop nie maar tog ook baie hoop.

**Dit wat vir die skrywer hopeloos is, is die volgende:**

1. *Die ontsettende invloed wat die Swart Pous en die Jesuïte oor die hele wêreld uitoefen.* ('n Insiggewende boekie in hierdie verband is: *While men slept*: Romero).
2. *Die finansiële bankrotskap van die wêreld* (Internetartikel: *The world is bankrupt now*: Richard Salbato).
3. *Die invloed van die sekulêre media, en veral die mense wat in beheer van die media is; mense met 'n anti-Christelike agenda.*
4. *Die mensdom se onvermoë om die afgode in hulle lewens raak te sien; die dolle gejaag agter plesier, genot, gerief en aardse sekuriteite aan.*
5. *Die verskriklike misleiding van mense deur leraars van die makrokerke. Jesus het gesê dat min mense deur nie nou poort sal ingaan, en dat ons hard moet stry om in te gaan.*
6. *Die voorspoedsteologie wat so gemaklik verkondig word en mense mislei terwyl Jesus ons beloof het dat, indien ons Hom wil volg, dit nodig sal wees dat ons onself moet verloën en dat ons dan Sy kruis sal moet dra. Ons lot*

*sal met lyding en vervolging gepaard gaan, indien ons agter Hom aan wil kom.*

- 7. Die verskriklike lot wat op die aarde en sy bewoners wag; die groot verdrukking, die verwoesting van alles op die aarde, die miljoene wat gaan sterf, die verskriklike verdrukking wat nog wag..*
- 8. Die ellende en lyding om ons, waaraan ons so min kan doen.*

### **Nou wat gee die skrywer dan hoop?**

*Wanneer hy sy oë effens ophig vanaf die horisontale om hom. Wanneer hy Jesus met Sy uitgestrekte hand na hom toe aangeloop sien kom op die lewenssee. Veral wanneer dit voel of hy, mens, wil wegsink onder die verswelgende krag van die hooplose lewensgolwe om hom. . Dit is wanneer hy hoop begin ervaar, wanneer hy Jesus se liefde en deernis sien en hy Jesus se uitgestrekte hand om syne voel sluit; wanneer hy uit die water van hopeloosheid opgelig word, om saam met Jesus, die boot van die ewige lewe te betree, vir altyd veilig.*

***Hy is vir ons. Dit gee hoop.***

25 April

**If you love someone**

**Etni: Geskenk.**

Het jy al 'n huis gebou?

Indien jy het, sal die volgende aan jou bekend wees: Die kontrakteur vir die dak onderneem om die dak op te sit en belooft dat die dak binne 10 werksdae voltooi sal wees. Na 'n maand soebat en smeek jy nog steeds en die dak is nog nie klaar nie. Die persoon wat die kombuiswastafel insit loop weg, en jou R20,000 deposito is daarmee heen sonder dat 'n kwart van die werk voltooi is. Van die bykans honderd afsprake wat jy met mense gehad het om iets te kom doen aan die huis het meer as 95% nie hulle beloftes nagekom nie. Aangesien jy die meeste van die tyd probeer het om jou Christenboeties te ondersteun sit jy na jou bouery met 'n klomp vrae oor Christene se integriteit. Die gevolg is dat jy sinies word. En vir die wat nie weet wat sinies beteken nie net die volgende: Dit is wanneer jy altyd net die slegste van jou medemens verwag. Nou kom die groot dilemma vir jou as Christenbouer. Die praktyk leer jou dat mense, ja Christenmense, hoogs onbetroubaar is **maar** God se Woord sê: *If you love someone you will be loyal to him no matter what the cost. You will always believe in him, always expect the best of him, and always stand your ground in defending him (1 Cor. 13:7).* Hoe kan 'n mens nou hierdie teenstrydigheid hanteer? Sê die Woord iets en sê jou ervaring van die lewe iets anders?

Die probleem is dat ons nie lees wat in die Bybel staan nie. Daar staan in die Bybel: *If you love someone*. Hier word van 'n mens gepraat. Daar word niks gesê van wat *someone* doen nie. Die mens en die daad word geskei. Jou opdrag is om die mens lief te hê selfs al is hy jou vyand. Al hou jy nie van wat hy doen, of wat hy versuim om te doen nie, bly hy nog *someone*, 'n mens, en jou liefdesopdrag bly dieselfde. Hierdie someone is nog oppad nes jy oppad is. Jou werk is om te vergewe, soos jy vergewe is, en om jou broer lief te hê.

**Eva: Lewe.**

In Numerie 13 en 14 is 'n stuk aangrypende geskiedenis van Israel se wederverings, oppad na die Beloofde Land toe, opgeteken. In hierdie gedeelte is dit maklik om onself en die foute wat ons in die lewe maak te herken. Kom ons kyk waarom hierdie gedeelte gaan.

Hierdie stukkie geskiedenis kom nadat die Here wonderbaarlik met Israel gehandel het en verskeie wonderwerke gedoen het om hulle aan die lewe te hou byvoorbeeld:

- 1. God het in Egipte die tien plae gestuur om Israel los te maak van die slawebande van die Egiptenaars. Die plae het Egipte getref maar die land Gosen waar die Israeliëte gewoon het, is nie getref nie. God het die Egiptenaars, sowel as hulle land verwoes om Israel vry te maak.*
- 2. God het Israel droogvoets deur die Rooisee laat trek en toe het Hy die Farao van Egipte saam met sy magtige leër in dieselfde see laat verdrink.*
- 3. God het vir die bykans 2 miljoen Israeliëte plus al hulle vee, daaglik in die woestyn voedsel en water voorsien. Die wonder is groot vir die 2 miljoen mense maar nog groter vir die 10 miljoen of meer stuks vee. Water in die woestyn vir soveel miljoene vir 40 jaar is 'n redelike groot wonderwerk.*

*4. Die Here het Sy teenwoordigheid aan die Israëliete daaglik geopenbaar; in die dag in 'n wolkkolom en in die nag in 'n vuurkolom, wat voor die Israëliete uitbeweeg het of stilgestaan het, soos dit God behaag het.*

Nadat God die Israëliete se geloof deur wonderwerke versterk het, het dit tyd geword om hulle geloof te toets want God wou hulle die Beloofde Land laat intrek. Twaalf verspieders is die Beloofde Land ingestuur om ondersoek na die land en sy mense te gaan doen. Tien van die twaalf het na hulle besoek verklaar dat die mense te veel en te sterk was, dat die stede ommuur was, dat die inwoners reusagtig groot en sterk is en dat die Israëliete geen kans het om die inwoners van die land te oorrompel nie. Hierdie verspieders het indirek verklaar dat God nie instaat is om die Israëliete oorwinning te gee nie. Die Beloofde Land het oop voor die Israëliete gelê. Dit was God se wil om dit vir hulle te gee. Hulle moes Hom net vertrou en begin in beweeg. Josua en Kaleb, die ander twee verspieders, het gesê dat God instaat is om hierdie wonder te doen en God het hulle geloof in Hom geëer. God straf die Israëliete se ongeloof deur al die volwassenes uit te wis in die 40 jaar wat die Israëliete in die woestyn moes rondtrek vir hulle straf weens hulle ongeloof. Die tien ongelowige verspieders word dadelik na die uitspraak van hulle ongeloof uitgewis. Josua en Kaleb word die enigste twee volwassenes wat die Beloofde Land ingaan.

Jesus sê ons moet hard stry om in die ewige lewe in te gaan. Hy sê daar is min wat sal ingaan. Hy verlang van ons om Hom te vertrou om aan ons die Beloofde

Land van die Ewige Lewe by Hom te gee. God het ons die ewige lewe belowe indien ons Hom glo en Hom vertrou om ons vry te spreek van sondes, omdat Jesus aan die kruis op Golgota vir al ons sondes geboet het. Ook vir ons lê die Beloofde Land oop voor ons, om dit gelowig in besit te neem. Ook ons het die keuse om die doemprofete te glo dat God nie instaat is om dit te doen nie, of om die gelowige verspieders, Sy gelowige priesters en dissipels, te glo wanneer hulle ons van God se almag en Sy goeie wil vir ons ewige bestemming vertel. Ook ons het die keuse om God se wonders in ons lewens tot hier toe te ignoreer.

Daar was een ding veral wat ou Israel se ongeloof ontbloom het; een ding wat hulle hartgesindheid en ongeloof geopenbaar het. Dit is die een ding waarvoor elke gelowige gedurig in sy of haar lewe moet oppas. The *living Bible* noem dit **complain**. Vir hierdie ongelowige gekla oor hulle toekoms en hulle omstandighede het die Israeliete 'n duur prys betaal; hulle het die Beloofde Land misgeloop en hulle het in die woestyn omgekom. Ook ons moet oppas dat ons gedurige **complain** nie op die ou einde ons die Beloofde Land kos nie.



**Fanuël: Aangesig van God.*****Parafrase Job 1 en 2***

*Die engele kom vir hulle gereelde vergadering met God byeen in die hemel. By hierdie geleentheid is satan ook teenwoordig. God vra vir satan of hy in sy omswerwings deur die wêreld vir Job gesien het. God sê dat Job 'n goeie man is en dat Job Hom dien. Satan se reaksie was dat dit geen wonder is dat Job so godsvresend is nie want dit is omdat God vir Job so ryklik seën. Satan rig die uitdaging aan God dat Job God sal vloek indien God die seëninge wat Hy so ryklik op Job uitstort, terugtrek. God aanvaar satan se uitdaging en sê dat satan met Job se besittings en familie kan doen soos hy wil. Hy mag net nie aan Job raak nie. Satan verwoes al Job se besittings deur mense te stuur om sy besittings te roof. Dan stuur satan 'n wind om die huis waarin Job se tien kinders vergader het te verwoes en die kinders in die proses te dood. Steeds bly Job aan God getrou.*

*Weer kom die engele en satan na hulle omswerwings by God uit en God wys satan daarop dat hy verkeerd was ten opsigte van Job en dat Job God nog steeds dien. Satan is nog nie tevrede nie en sê dat Job God sal verlaat indien God toelaat dat Job sy gesondheid verloor. Weer laat God satan toe om Job te toets. Bose swere breek oor Job se hele lyf uit, hy word melaats, hy ly erge pyne en gaan sit op 'n ashoop en krap homself met 'n potskerf. Steeds bly hy aan God getrou.*

*Selfs Job se vrou draai teen hom en sê dat Job God moet vloek en dan maar moet sterf. Job kom op vir God se goedheid en regverdigheid en sê dat hy op God bly hoop.*

### **Lesse uit hierdie gedeelte:**

Daar is baie wat ons uit hierdie gedeelte kan leer. Kom ons kyk na enkele van hierdie lesse:

1. Seker een van die belangrikste lesse is dat ons God moet liefhê vir wie Hy is en nie vir wat Hy vir ons doen en vir ons gee nie. Ons moet God liefhê met ons hele hart en verstand. Dit is die eerste gebod. God duld nie afgode nie. Daarom staan daar: *Jy moet die Here **jou God** liefhê met jou ---- (Hele wese)*. Die Here is **jou God**, niks en niemand anders nie. Oppas dus vir die afgode van besittings, sekuriteit, gerief, plesier en die self. Dit is daarom dan ook belangrik om eers God se Koninkryk en Sy Geregtigheid te soek voordat jy kan hoop dat die ander dinge vir jou bygevoeg sal word (Mat. 6:33). Dit is dan ook die groot rede waarom mense se selfsugtige bedes nie beantwoord word nie (1 Tim. 4:3). Die mens wat eers vir homself bid en dit wat hy wil hê voordat hy by God se dinge uitkom kan beswaarlik verwag dat God hom in sy dien van afgode sal ondersteun, deur sy gebede te verhoor. Om God te dien vir wat Hy vir jou kan doen plaas jouself in die middelpunt en jy word jou eerste eie god, nee afgod.

2. Weer word onderstreep dat ons net kan liefhê omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19).
3. Jy moet God se liefde vir jou vat, dit jou eie maak, God as liefdevolle Vader ervaar voordat jy begin soek na dit wat Hy vir jou kan en moet doen. Moet nooit jousef en jou lewe hier op die aarde voor God plaas nie.
4. Soos by Job, is die lewe ook vir ons 'n toets, om te sien waaroor of oor Wie die lewe vir ons gaan. Om by die groot Wie uit te kom moet jy deur Sy Seun Jesus na Hom toe gaan. Hy, Jesus is die enigste pad na die Vaderhart toe. Daarom moet jy in Hom bly en nie in die wêreld nie.
5. Dit is soms nodig dat God van die aardse seëninge en sekerhede terughou om ons bewus te maak van ons afgode. Kyk maar net hoe Suid Afrika op sy knieë gekom het op 22 April 2017, toe Hy toegelaat het dat al ons aardse sekerhede in die gedrang gekom het. Skielik is ons deur Sy genade op ons knieë gebring om ons afhanklikheid van Hom te erken.
6. Elke dag word gelowiges individueel getoets; dikwels deur klein dingetjies om te sien of jy waarlik op God vertrou en of Hy waarlik die belangrikste in jou lewe is. Soms is daar ook die groot toetse soos in Job se geval. Ons groot troos is dat God nie sal toelaat dat ons bo ons kragte getoets sal word nie (1 Kor. 10:13). Weet maar net dat jy deur die klein dingetjies getoets word omdat jy nog besig is om geestelik te groei. Wanneer die Here jou eer met groot toetse dank Hom vir die vertrou wat Hy in jou stel.

7. Dit is met dankbaarheid dat ons van die uiteinde van Job verneem. God gee dubbel terug aan Hom wat satan van hom gesteel het. So sal God ons ook seën as ons die toetse vir sy eer deurstaan, wanneer Hy ons God is en niks vir ons belangriker as Hy is nie.
8. Die menslike begrip van God se denke, werke en beplanning is uiters beperk. Ons sien hoe Job verkeerd dink oor sy omstandighede, hoe sy geleerde vriende totaal verkeerd betekenis gee aan wat met Job gebeur. Dit is wanneer hulle hom aanmekaar beskuldig dat hy sonde moes gedoen het en dat al sy ellende as gevolg van die sonde is. Hoe sal ons weet wat God se groot plan agter alles is wat met ons gebeur.
9. **Dalk is dit wat jy nou ervaar net 'n Jobstoets vir God se eer.**

28 April

**Julle sal sterf**

**Filadelfia: Broederliefde.**

In Gen. 2: 16 staan geskryf:

*Die Here God het die mens beveel: Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.*

Ons weet dat die mens toe tog geëet het en soos God gesê het, het die mens toe ook gesterf. Aanvanklik na die sondeval het net sy gees gesterf en later ook sy liggaam.

In Gen. 6: 11 sê God:

*Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense.*

Dit was nadat die mensdom totaal en al sleg geword het en God besluit het om net vir Noag en sy gesin te spaar.

In Eksodus 32:9 staan:

*Ek is toornig op My volk en wil hulle vernietig (doodmaak).*

Nadat die volk die goue kalf aanbid het terwyl Moses op die berg was om by God die Tien Gebooie te ontvang, het God besluit om Israel uit te wis. Moses het egter ingetree en God het afgesien van Sy plan.

In Deut. 1:34 sê God:

*Nie een van hierdie slegte geslag sal die goeie land sien, wat Ek, die Here, hulle voorvaders met 'n eed beloof het, om aan hulle te gee nie.*

Ons weet dat God hierdie geslag mense wat Hom nie wou vertrou het nie, almal in die woestyn laat sterf het.

Elke dag sterf daar miljoene mens op die aarde. God het mos gesê die mens sal sterf. Toe Adam en Eva in sonde geval het, het hulle die ganse mensdom met enkel uitsonderings met hulle die dood in geneem. Dikwels wou God, soos in die voorbeelde hierbo, die mensdom summier uitwis. Soms het Hy dit amper gedoen soos toe Hy slegs vir Noag en sy gesin gespaar het. So openbaar God Sy getrouheid aan Sy Woord elke dag vir ons. Wanneer ons 'n doodsberig lees, of ontvang, mag ons weet God is getrou, en Hy doen wat Hy sê. Ook ek en jy gaan vroeër of later sterf. Die enigste manier om hierdie dood vry te spring is om voor God jou sondes te bely, Jesus se offerdood vir jou vrymaking van sonde aan te neem, jou aan Hom oor te gee en te glo en te weet dat jou sondes vergewe is. Om dit te kan doen, om agter Jesus aan te kan wandel, sal jy jouself, jou eie begeertes, jou eie belangrikheid, jou eie ek, jou eie idees en jou eie selfgenoegsaamheid moet doodmaak, moet kruisig. In God is daar nie plek vir jouself nie. Alleen die gekruisigde self sal in Jesus 'n rusplek vind soos dit vir ons in Mat 16: 25, opgeteken is:

*Wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry*

29 April

## Ken jy Hom?

### Filetus: Geliefde.

In Mat.7:22 staan:

*Baie sal daardie dag vir My sê: “ Here, Here, het ons dan nie in U Naam gepreek nie, deur U Naam duiwels uitgedryf en deur U Naam baie wonders gedoen nie?”*

*Dan sal Ek openlik vir hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie.** Gaan weg van My af julle wat die wet van God oortree.*

Uit hierdie deel is dit duidelik dat baie mense hulle met die dinge van die Here sal besig hou in die waan dat God hulle ken. Indien daar nie ‘n besondere kenverhouding van God af met die mens gevestig is nie, sal God ontken dat daar ooit ‘n verhouding met die mens was. Dit is nie net nodig dat God die mens sal ken nie. Dit is ook nodig dat die mens God sal ken. In hierdie verband praat Johannes 17: 3 soos volg met ons:

*U het Hom immers volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: **Dat hulle U ken,** die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.*

Dit is nie moontlik om Jesus te ken sonder om kennis te neem van wie en wat Hy is, van waar Hy is, hoe Hy is en waarvoor Hy is nie. Baie word in die Bybel oor hierdie aspekte geskryf sodat ons Jesus beter kan ken. Aangesien Jesus tydloos is, is by die ken van Jesus ook Sy tydloosheid ingesluit. Vir ons is die gebeure in

die Ou Testament ver verwyder van ons. Vir Jesus is dit wat in die verre verlede van die Ou Testament gebeur het belangrik en daarom het Hy dit vir ons in die Bybel laat opteken.

Wanneer ons in die hemel kom sal daar baie belangrike persone teenwoordig wees. Ons sal met Moses, Elia, Jakob en Abraham kan praat. Daar sal ook minder bekende persone wees. Dalk sal Barak of Simon of Simeon jou vra of jy van hulle gelees het in die Bybel. Dalk sal jy skaam moet erken dat jy nie eintlik iets van hulle weet nie. Wat 'n verleentheid sal dit wees. Dalk sal jy mense ontmoet in die lewe na die dood sonder om te weet dat jy nie in die hemel is nie maar in die hel. Dalk sal jy nie weet dat wanneer jy met Enak en Eglon praat jy in die hel is nie. Jy sal tog seker God se mense se name wil probeer ken en onthou. Dalk sal jy nie al die name wat in die Bybel genoem word kan onthou nie maar jy sal immers darem vir die persoon wat saam met jou in die hemel is, kan sê: Ek het jou naam in die Bybel gelees. Dit is natuurlik net moontlik indien jy die Bybel reeds deurgelees het.

Waarom het Jesus die wonderlike dinge van die bou van die tabernakel, die offers, die feeste, die geskiedenis van Israel, die Rigters, die geslagregisters vir ons laat opteken, indien die bedoeling nie was dat ons dit moet lees nie? Hoe kan ons besluit dat dit wat God nodig geag het vir ons om te weet, ons dit nie nodig het nie. Met die leiding van die Heilige Gees word so baie van hierdie geskrifte, wat op die oog af vervelig en onnodig lyk, baie sinvolle rigtingwysers na Jesus. Dit is



ons verantwoordelikheid om die Heilige Gees geleentheid te gee om hierdie wonderlikhede vir ons te ontsluit. Dit kan alleen gebeur wanneer ons met die hele Bybel besig bly.

Indien jy vir iemand omgee, vir die persoon lief is, en respek het vir die persoon, sal jy graag 'n outobiografie van die persoon wil lees. Eintlik is die Bybel een reuse outobiografie van God. Moenie so arrogant wees om iets wat God nodig geag het dat jy dit van Hom moet weet, te ignoreer nie.

Die hele Bybel is vir ons gegee om God, Sy Seun en die Heilige Gees te leer ken. Alleen wanneer God ons belangstelling en liefde vir Hom in ons ywerige studie van Hom sien, sal Hy ook belangstel om ons beter te leer ken. Dalk sal Hy ons dan so goed leer ken dat Hy ons by die hemelpoort sal herken as Sy eiendom.

30 April

## Ken of glo, of ken en glo

### Filologus: Vriend van die Woord. Geleerde.

Dink oor die volgende:

*Om te ken is vir die humanis, die natuurlike mens, satan, en die Godsloënaar dieselfde as wat glo vir die kind van God is.*

Wat het tydens die oorspronklike sondeval gebeur?

*Satan sê vir Eva in Gen.3 dat sy soos God sal wees, deur alles te ken, indien sy kies om aan God ongehoorsaam te word. Die verleiding word versterk deur sintuiglike begeerte. Eva kyk na die verbode vrug en sien dat dit aangenaam sal wees om daarvan te eet. Sy steek haar hand uit, eet en gee ook vir haar man, Adam, om daarvan te eet.*

Die sukses wat satan deur die verleiding van om te ken behaal het, het hom aangevuur om telkens wanneer hy mense wou verlei van hierdie tegniek gebruik te maak. God verwag van Sy maaksel, die mens, om Hom te vertrou, Hom te glo en in Hom te glo. Satan sê, nee, moenie glo nie, probeer weet en ken, dan sal jy sien God is verkeerd. Meer nog, jy sal iets besonders word en iets besonders wees indien jy self kan uitvind en self kan weet. Jy sal soos God kan wees. Jy sal onafhanklik wees, jy sal jou eie ding kan doen, jy sal kan beheer en bestuur indien jy net genoeg weet. Satan is die outeur van rasionalisme en humanisme. *Die mens*

*kan so sy eie god wees deur die onbeperkte vermoë van sy eie verstand.* Die laaste sin klink soos 'n aanhaling uit 'n moderne Sielkunde handboek.

Die mens het op hierdie patroon dit wat satan vir hom geleer het, die ken van wette, tot 'n nuwe evangelie van redding vervolmaak. Honderde wette is geformuleer en in die ken van die wette is die heil van die mens gesoek. Selfs in die Nuwe Testament sien ons hoe Paulus en sy mede evangeliste worstel om die ken van die wet en die saligheid wat daarin gesoek word by die Jode met geloof in Jesus, as Verlosser, te vervang.

Daar is nie 'n beter voorbeeld van die saligheid wat in kennis gesoek word, as in die tyd wat ons leef nie. Daar is deur die moderne tegnieke en die krag van die internet onbeperkte kennis beskikbaar deur die klik van die internetmuis. Omdat die mens kan ken soveel as wat hy wil, voel dit vir hom of hy sy eie god geword het. Dan is daar nog die ondersteunende leuens van die moderne Sielkunde wat die mens verder in die afgrond inhelp. Die mens word geleer dat hy deur sy intellek enigiets kan vermag. Hy mag maar op sy intellektuele vermoëns vertrou. Hy mag maar glo hy is onbeperkte moontlikheid. Hy moet net meer word van dit wat hy self kan wees. Hy moet homself net aktualiseer. Daarom moet hy goed oor homself voel en dit sal hy regkry deur sy intellek in te span en reg oor homself te dink. *Positiewe denke*, my boetie, en jy is daar, siedaar jou eie god. Glo net in jouself. Asseblief moet nie die ou vrou stories van die Bybel glo nie. Ons is nie modern nie, nee, ons is by modern verby, ons is 'n nuwe geslag, die post-moderne

mens. Ons doen wat ons wil, ons skep vir onself 'n nuwe moraliteit. Ons noem dit relatiewe moraliteit. Eenvoudig, kom ek leer jou sodat jy dit kan ken; enigiets is reg en goed indien dit vir jou werk. Het ons nie baie ver gevorder vanaf die feeverhale van die Bybel nie?

En tog is ons niks verder as die arme Eva en Adam wat nog steeds deur satan met leuens en halwe waarhede verlei word nie. Die Bybel sê: *Die mens gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis* (Hosea 4:6). Dit is so waar. Die ware kennis, die kennis van God, van die Bybel en van die weg tot saligheid is jammerlik afwesig en word versmoor deur verkeerde kennis, halwe waarhede, misleidings en wanvoorstellings vanuit 'n sekulêre wêreld en 'n sekulêre mens- en godsbeskouing. Uiteindelik is jy niks groter as die internetmuis nie.

**Fortunatus: Begunstigde.**

Na verwagting sal Australië binne die volgende 5 jaar kontantloos funksioneer.

Swede sal teen 2025 kontantloos wees.

Denemarke sal ietwat later kontantloos wees.

Tans word net 3% van handelstransaksies in Swede nog met kontant hanteer, in Amerika 7%.

Meeste banke het 'n kontantheffing indien kontantgeld inbetaal word.

Die redes vir hierdie kontantlose samelewing mag van die volgende wees:

1. Die ontwikkeling van elektroniese kaarte maak 'n kontantlose stelsel 'n moontlikheid.
2. Kontantloos kan baie ekonomiese misdrywe soos roof en diefstal uitskakel.
3. Beter sentrale beheer kan oor belastingbetalers uitgeoefen word indien alle transaksies toeganklik vir regeringsondersoeke sal wees.
4. Wêreldskuld het onhanteerbare afmetings aangeneem. Kontantloos kan hierdie debiete regerings uitwis.
5. Sentrale beheer en inligting oor mense se finansiële transaksies maak dit vir regerings moontlik om beheer oor hulle burgers uit te oefen, met ander woorde om met die druk van 'n knoppie mense in staat te stel om te koop of om nie te kan koop nie.

Eskatologiese perspektief op kontantloos.

Openbaring 13:16

*Hy het ook almal, klein en groot, ryk en arm, vry mense en slawe, verplig om 'n merk op hulle regterhand of hulle voorkop te laat aanbring. Sodat niemand, behalwe die met die merk van die naam van die dier of die getal van sy naam, sou kon koop of verkoop nie.*

*Hiervoor is wysheid nodig. Wie insig het moet die getal van die dier bereken, want dit is die getal van die mens, en sy getal is seshonderd ses-en-sestig.*

**Gabbai-Sallai: Verhewe.**

Moontlik bly jy op 'n pragtige plek; agter jou is die majestueuse berg en voor jou die uitgestrekte oseaan met pragtige rotspele. Die lug is helder skoon en blou. Of dalk bly jy iewers in die binneland, waar dit plat, vaal en onaanskoulik is, met 'n grys rookbesoedelde lug. Kom ons kyk of ons die binnelander 'n bietjie hoop en vreugde kan gee. Jy binnelander sal moet terugval op die Engelse gesegde van *Beauty is in the eye of the beholder*. Te midde van die vaal, vuil en grys sal jy na die klein detail moet leer kyk; amper soos toe Jesus gesê het dat die bekommerde mens na die blommetjies en voëltjies moet gaan kyk om te sien hoe God sorg. Om jou, o binnelander, sal jy 'n skoonheid in klein ou veldblommetjies ontdek, jy sal sien dat die vaal vlaktes dikwels 'n pienk skynsel aanneem, dat die kontras tussen die blou van die berge, die pienk van die heuwels en die blou van die lug 'n pragtige prentjie vorm. Jy sal in die oog van 'n kind die hemel sien deurskemer, jy sal in die uitdeel van liefde om jou 'n skoonheid ontdek wat net met die hemel vergelyk kan word. Seemens oppas. Dalk beweeg jy so tussen die bergtoppe dat die dale vir jou onbekende plekke geword het. Dalk kan jy begin dink dat die lewe net uit bergpiekervarings bestaan omdat jy so min die dalervarings beleef. Uiteindelik sal ons net die berg kan waardeer indien ons ook die dale kan raaksien. So is daar in die lewe 'n ewige kontras in menslike ervarings.

Tussen die **petroltenk** en die **vergasser** van '**n motor** kan daar 'n **kraantjie** geïnstalleer word. Wanneer die kraantjie toegedraai is, sal daar geen brandstof na die vergasser kan deurkom nie. Die voertuig se masjien sal nie kan loop nie al het die motor petrol in sy tenk.

So is dit ook met 'n **mens**; diep in sy binneste, in sy **gees**, is daar die **brandstof** van die **Heilige Gees**. In Grieks word die Heilige Gees *Dunamis* genoem, Dit is dieselfde stam as die woord dinamiet. Ons weet dat dinamiet 'n geweldige krag het, indien dit reg aangewend word. So ook met die Heilige Gees. Indien die **kraantjie van jou Heilige Gees** oopgemaak word, sal die krag van die Gees in jou **siel** invloei. Jou siel bestaan uit jou **gedagtes** (hoe jy dink ), uit jou **emosies** ( of jy bly, hartseer, kwaad bang of opgewonde is ) en uit jou **wil** (wat jy wil en wat jy nie wil doen nie). Die Heilige Gees is God se Gees en dit wat die Heilige Gees kan doen word vir ons in Gal. 5 beskryf: *Dit gee liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing*. Hierdie 9 dinge sal, wanneer die **kraantjie oopgemaak word**, van jou **gees** af in jou **siel** invloei. In Gal. 5 sê God se Woord dat ons die Heilige Gees moet toelaat om ons **te lei, te beheer, en te bestuur**. Amper soos 'n **touleier** wat voor 'n span osse loop en hulle lei, of soos 'n **bestuurder** van 'n besigheid wat 'n besigheid bestuur of soos die bestuurder van 'n voertuig wat die voertuig deur die kontroles **beheer**. Wanneer jy die leiding, beheer en bestuur van die



Heilige Gees toelaat is dit soos om die **petrolkraantjie** van die motor oop te maak. Voordat die petrol van jou gees na jou siel toe kan vloei, (voor jy by Jesus uitgekom het), deur die oop kraantjie, word jou siel deur ‘n **ander brandstof** (sê maar iets soos diesel) gevoer. Hierdie brandstof kom van jou **liggaam** af, jou **sintuie** (dit wat jy sien, hoor, voel, ruik en proe). Hierdie sintuie is die ou brandstof wat die ou kar laat loop voordat jy by Jesus uitgekom het. Voordat jy by Jesus uitgekom het, was die **kraantjie** van jou **liggaam** na jou **siel** oop gewees en die kraantjie van jou gees na jou siel toe gesluit. Dit wat jy gesien, gehoor, geproe, gevoel en geruik het, het gemaak dat jy op ‘n sekere manier oor dinge gedink het, emosies ervaar het en gewil het om sekere dinge te doen. Jy was **selfsugtig** en alles het net oor **jouself** gegaan en wat vir jou lekker was. Jy het nie aan **God** gedink nie, **Sy Gees** het nie iets vir jou beteken nie en **Jesus was nog nie jou Verlosser nie**.

Toe jy begin **sleg en skuldig voel** het oor dit wat jy verkeerd gedoen het ( Die Heilige Gees het reeds in jou hart begin werk) het jy **begeer** om van die ou slegte dinge in jou lewe ontslae te raak. Jy het gehoor by iemand of jy het geles **dat Jesus, die Seun van God, vir al jou sondes op die aarde kom boet het**. God het besluit dat dit net Jesus is wat nog nie sonde gedoen het nie en dat Hy die enigste een is wat in jou plek vir al jou sondes gestraf kan word. Weer het die Heilige Gees begin werk in jou binneste. Jy het nou nie net **geweet** hoe jy gered kan word nie maar jy het ook begin **begeer om gered te word**. Die Heilige Gees het jou gehelp **om te glo dat dit wat Jesus gesê het waar is: Ek sal hom wat na My toe**

*kom nooit verwerp nie. En: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is (vol sonde is)en Ek sal julle rus gee. Nou, nadat jy gehoor het van Jesus en wat Hy vir jou gedoen het glo, **kan jy in vertroue op Hom begin lewe.** Om dit anders te stel: Die kraantjie tussen God se **Gees** wat in jou kom woon het toe jy Jesus as jou Verlosser aangeneem het, en jou **siel** het oopgegaan. **Laat dan nou die Heilige Gees toe om so in jou denke, emosies en wil in te vloei.** Draai die kraan van jou liggaam na jou siel toe toe. **Maak jou gees jou petrol.** Jou siel kan nie op **geestespetrol** en op **liggaampetrol** loop nie. Dit so goed of jy wil petrol en diesel meng. Dit gaan net nie werk nie. Net een kraantjie kan op 'n slag oop wees.*

**Gad: Gelukkig.**

Ruk God soms die krukke van die lewe onder ons uit?

Doen Hy dit dalk om ons, soos Paulus, op ons gesigte in die stof voor Sy voete te laat neerval?

Maak Hy ons blind, afhanklik, gestroop van die self sodat ons oorgegee aan Hom, en Sy genade, kan lewe?

Wil Hy ons so bring vanaf die arrogante selfverheerlikende selfgenoegsame na die gekruisigde self wat Hom volg?

Is daar dalk van die volgende krukke in ons lewens- , dinge waarop ons meer vertrou as op Hom?

- 1. Die kruk van eie verdienste, die steun op eie vermoë, die glo dat ek self sal kan regkom met my eie bekwaamheid, onafhanklik van God en mens.*
- 2. Die kruk van die sekuriteite om en in jou huis.*
- 3. Die kruk van jou eie gesondheid en hoe jy jou gesondheid in stand hou.*
- 4. Die kruk van die mediese wetenskap.*
- 5. Die kruk van eie finansiële voorsiening soos pensioenskemas, geld in beleggings, eiendom en polisse.*
- 6. Die kruk van familie en vriende.*
- 7. 'n Politieke party.*

*8. Die bestuur en bestuurders van jou dorp, stad, provinsie en land.*

*9. Die kruk van jou opleiding, professie en kwalifikasies.*

*10. Die kruk van die eie intellek.*

**Moet God in Sy groot liefde en omgee vir jou siel eers van hierdie krukke begin wegneem voordat jy op die enigste ware Kruk, Jesus Christus, sal begin vertrou?**

**Gamaliël: Weldaad van God.**

Die leuen van verwagting het in die Paradys begin (Gen. 3). Satan het dit reggekry om by Eva 'n verwagting te skep deur van 'n leuen gebruik te maak. Hy het by Eva die verwagting geskep dat sy soos God sal wees, deur alles te ken, indien sy bereid sou wees om aan God ongehoorsaam te wees. Sedert hierdie ongelukkige dag het satan die tegniek om leuenagtige verwagtings te skep nog nooit verander nie. Waarom sou hy indien hy soveel sukses daarmee behaal? Dink nou maar aan die volgende drie moderne weergawes van hierdie tegniek:

1. Molgif word skreeuend op die bygaande pamflet aangeprys as die *One and All* vir molverdrywing. Die verwagting word opgewek dat die klein botteljie gif, molle teen 'n skamele R129 vir ewig sal verdryf. **Dit werk ongelukkig nie so nie.**
2. Twee ou mensies kom met 'n leeftyd se spaargeld, R1.2 miljoen, by die makelaar met die verwagting dat hy 'n wonderplan vir hulle sal uitwerk sodat hulle gemaklik sal kan aftree. Hy skep die verwagting by hulle dat op grond van die historisiteit van die beleggings 'n opbrengs van 12 tot 19 persent verwag kan word en dat die tweetjies 'n kommerlose oudag sal kan geniet. Hy los soveel harde realiteite uit, wat nooit aan die ou mense geopenbaar word nie. Soos dat die ekonomie op die rantjie van 'n resessie huiwer, dat die markte baie af is, dat inflasie teen 'n hoë tempo toeneem en

dat hulle mediese fonds alleen binne 5 jaar hulle hele pensioentjie sal insluk. Vir die makelaar se “wonderlike advies” wat ongeveer ‘n halfuur neem om te verskaf haal die twee ou mensies met vreugde R20,600 van hulle spaargeldjies uit, as fooi vir sy gewaardeerde professionele diens. **Dit werk ongelukkig nie so nie.**

3. Die beste voorbeeld van onvervulde verwagtings kry ons in die advertensiebedryf. Die hele bedryf is gebou op die skep van verwagtings by kliënte. Indien jy hierdie pil sluk, of daardie roompie aansmeer sal jy soos die model op die botteltjie lyk; jy sal pragtig wees, gesond, gelukkig en populêr. Indien jy net in hierdie motor ry sal die meisies vrek oor jou, mense sal dink jy is welvarend, hulle sal jou eer en respekteer. Die kleindrukpaaiement is nie ‘n faktor nie, kyk net na al die voordele.

So mislei satan vandag nog mense op velerlei wyses met dieselfde tegniek, gevoed uit die mens se sieklike begeerte om self iets en iemand te wees. So word *verwagtings* net ‘n ander woord vir *hoë risiko hoop*. Die enigste verwagtings wat nie risiko’s inhou nie is die verwagtings wat die Bybel by ons opwek. Hierdie verwagtings is gegrond op God se beloftes. Nog nooit het iemand wat gewaag het om sy verwagtings op God se Woord te bou teleurgesteld omgedraai nie.

**Jes. 49:23**

*For they shall not be put to shame who*

*Wait for*

*Look for*

*Hope for*

*And expect Me.*

*(Amplified Bible)*

**Gamliël: God het beloon.**

Baie dinge wat vandag nog 'n wesentlike invloed op ons lewens het, het hulle oorsprong in dit wat in die paradys, duisende jare gelede gebeur het. So is onder andere die vloek van die dood oor die mens en die skepping in die paradys uitgespreek na die mens se sondeval. Alles moet sterf. Genadiglik is dit nie die einde nie. In God se goedheid en erbarming het Hy bepaal dat na dood daar weer lewe sal wees. Dus eers lewe, dan vanweë die sondeval die dood, dan vanweë God se genade weer lewe. Bykans alles in die lewe herinner ons aan hierdie ewige waarheid. Kom ons kyk na enkele bevestigings van lewe wat uit dood te voorskyn kom:

1. Die menslike liggaam moet eers afsterf voordat die mens 'n nuwe liggaam van God sal ontvang.
2. Die menslike siel moet met 'n nuwe siel vervang word; die verstand en denke sal nuut word, die emosies soos haat moet eers sterf voordat die Heilige Gees nuwe emosies soos liefde laat leef, die menslike wil moet eers afgelê word voordat 'n nuwe wil, God se wil, begin lewe in die mens.
3. 'n Huwelik kan net slaag waar die egliede bereid is om aan hulleself te sterf en hulle eie selfsugtige behoeftes af te lê.
4. 'n Saadjie kan net begin groei tot nuwe lewe nadat dit in die grond gesterf het.



5. Geen mens kan agter Jesus aankom sonder om homself te verloën en te kruisig nie.
6. Die winterdoodsheid moet eers kom voordat die nuwe lewe van die somer aanbreek.
7. Eers moet haat sterf voordat liefde geleef kan word.
8. Die dood van besittings in die vorm van armwees (of ten minste die aflê van besittings) moet eers aanbreek voordat die rykdom van die skat van verlossing ontvang kan word.
9. Eers moet die selfgenoegsaamheid van die mens sterf in die mens se totale afhanklikheid, voordat geloof gebore kan word.
10. Saulus moes eers neergeslaan word, voordat Paulus kon opstaan. Die aarde moet eers deur vuur sterf voordat die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde sal neerdaal.
11. Eers moet die mens se eie eersoek gekruisig word voordat God se eer gesoek kan word.
12. Eers moet die mens sy eie koninkryk opgee voordat hy God se Koninkryk kan begin soek.
13. Eers moet die mens se eie wil sterf voordat God se wil in die mens gestalte begin kry.

Wanneer die mens die beginsel van lewe uit dood begin snap, is daar soveel minder konflik in sy lewe. Dan kan die mens in alles begin dankbaar word. Dan

is daar nie voortdurend stryd in die mens nie. Dan brand die mens nie meer uit nie. Hy leef in harmonie met die ewige beginsel van iets wat alleen uit niets kan ontstaan sodat geen mens voor God sal kan roem oor enigiets wat 'n mens tot stand gebring het nie.

7 Mei

## Oggendlied

**Gasa: Die sterke.**

*Hy, die Een wat waak,*

*Sal jou altyd bly maak.*

*Versterk deur krag,*

*Geput uit Sy mag.*

*Hoop versterk,*

*Vir altyd vir Hom gemerk.*

*Verlos van sondedood,*

*Onthef van ewige nood.*

*Bly, verbly my Heer,*

*In U gekeer.*

*Nooit sal satan verheer,*

*Jesus het my ingekeer.*

**Gemarja: Die Here het voleindig.**

*Toe jy, Eva, God wou wees,*

*Jouself probeer genees.*

*Het God jou verdoem,*

*Om jou later te kan versoen.*

*In jou strewe na Goddelikheid,*

*Verdoem jy jou tot sterflikheid.*

*Alleen in selfverloëning,*

*Kry jy deel aan Godkoning.*

*Wet van omgekeerdheid is vas,*

*Jou ewige las.*

*In jou wou koningwees,*

*Is jy verdoem tot dooie gees.*

*Toe jy wou heers,*

*Het Hy gesê, jy sal laaste wees.*

*Toe jy strewe na bedien,*

*Het Hy bepaal dat jy sal dien.*

*Toe jy ryk wou wees,*

*Moes jy arm word van gees.*

*Toe jy hier wou lewe,*

*Moes jy voor die dood bewe.*

*Toe jy in self verbly,*

*Moes jy leer van ewig ly.*

*In baie moes jy ervaar,*

*Jy het eintlik hier niks gebaar.*

*In jou lewenslengte,*

*Het jy ontdek jou beperkte denke.*

*Sondelot sonder God,*

*Geen ewige salige lot.*

**Gehuel: Heerlikheid van God.**

Soms kom woorde in die Bybel voor en het ons so 'n effense idee oor wat met die woord bedoel word. Wanneer die woord se dieper betekenis gegee word soos in die Amplified Bible staan ons verstom oor die rykdom van betekenis wat in die woord ontsluit word. Om al hierdie woorde so te probeer verklaar sou 'n werk met die omvang van 'n konkordansie nodig gewees het. Om die leser net 'n bietjie lus te maak om in die betekenis van woorde dieper te delf word 'n paar sulke woorde as voorbeelde gebruik:

## 1. Psalm 103:1

*Bless the Lord, O my soul; and all that is within me, **bless** His holy name!*

**Bless** beteken hier veel meer as die Afrikaanse seën. Addisionele betekenis is die volgende:

*Affectionately, gratefully praise the Lord*

## 2. Psalm 103: 18

**Keep His covenant.** Die meeste mense het so 'n effense idee van wat dit mag beteken. Meer volledig mag dit die volgende beteken:

*Hearing, receiving, loving and obeying it.*

*Earnestly remember His commandments to do it.*

## 3. Dikwels word in die Bybel van die hart van die mens gepraat. Baie min mense weet wat daarmee bedoel word. Dit is tog nie die fisiese hart van

die mens nie. Is dit die mens se emosies? Emosies is tog deel van die mens se siel. Is siel en hart dan dieselfde? Om iets van hart te kan verstaan kom ons kyk 'n bietjie na 'n paar dinge wat in verband met die mens se hart genoem word:

Psalm 5:9

*For there is nothing trustworthy or steadfast in their talk; their **heart** is a destruction (or a destructive chasm, yawning gulf)*

Psalm 4:4

*Commune with your own **hearts** upon your beds and be silent (sorry for the things you say in your **hearts**)*

Psalm 28:7

*My **heart** trusts in, relies on and confidently leans on Him, and I am helped; therefore my **heart** greatly rejoices*

Psalm 40:8

*Your law is within my **heart**.*

*Uit die honderde verwysings na die mens se hart is hier maar net 'n paar voorbeelde genoem. Net uit hierdie paar voorbeelde wil dit voorkom of die mens se **hart**:*

*Stil binne in jou kan wees,*

*Dat jy met jou hart kan praat,*

*Dat die mens se hart kan vertrou.*

*Dat die mens se hart hom kan verheug,*

*Dat die mens se hart God se wet kan omvat,*

*Dat jy deur middel van jou hart met ander kan kommunikeer.*

Dalk is jy deur hierdie paar opmerkings geprikkel om meer te let op die rykdom van die betekenis van woorde in die Bybel.



**Gibbar: Held.**

Het jou ma jou lief of het sy jou liefgehad toe sy nog geleef het? Die meeste van ons sal bevestigend op hierdie vraag antwoord. Die redes waarom ons so dink sal egter heelwat verskil. Vir die een sal die lekker vetkoekies wat sy ma vir hom gebak het sinoniem met haar liefde vir hom wees. Vir 'n ander een sal dit miskien die opoffering van sy ma wees om hom deur sy universiteitstudies te kon ondersteun. Vir 'n ander die baie gebede wat sy vir hom gebid het. Kom ons dink 'n bietjie aan ons hemelse Vader. Hoe weet ons dat Hy vir ons lief is? Baie mense twyfel of God vir hulle lief is. Dit moet ons Vader se hart seker seermaak wanneer dit die geval is, want Hy is liefde (1 Joh.4:8) en Sy Woord verseker ons dat Hy baie lief vir ons is. Hoe sou jou moeder gevoel het indien jy haar liefdevolle optrede en opofferings nie as liefdegedrewe wou aanvaar nie en aan haar liefde vir jou getwyfel het? Mense sal sê dat dit nie vir hulle voel of God vir hulle lief is nie. Soos dit met geloof die geval is moet ons dikwels in God se liefde vir ons glo al voel ons dit nie. Tog is dit 'n wonderlike ervaring om God se liefde vir jou te ervaar. Indien jy sukkel om Sy liefde vir jou te ervaar en te aanvaar probeer die volgende:

*Om liefde te kan ontvang en ervaar moet jy op die regte plek, in die regte omstandighede en in die regte gesindheid verkeer. Jy sal tog nie jou vrou se liefde kan ontvang en ervaar indien jy op die tennisbaan, in 'n hewige kompetisie met*

*'n teenstander betrokke is en absoluut op jou spel gefokus is nie. So is dit ook met die liefde van God gestel. Om Sy liefde te ervaar is die eerste ding wat jy moet doen om jou mond te hou. Soek vir jou 'n stil plek waar mense jou nie sal steur nie. Kry jou gesindheid reg. Jy moet dit regkry om stil te bly. Bedink vir 'n oomblik geleenthede wat jy kan onthou toe Hy Sy liefde aan jou bewys het, soos toe Hy jou lewe gespaar het, 'n groot ongeluk afgeweer het, jou gehelp het toe jy in groot nood verkeer het, jou gesond gemaak het, jou met voorspoed geseën het. Dan kom jy by die belangrikste deel naamlik **om Hom toe te laat** om jou lief te hê. Wanneer jy so stil by Hom sit, laat Hom toe om Sy arm om jou te vou en jou stil lief te hê. As jy moet praat, praat met jouself en sê vir jouself dat God nooit lieg nie. As Hy sê dat Hy vir jou lief is, is Hy vir jou lief. Aanvaar Sy liefde en geniet die tydjie saam met Hom. Hoor Sy stem as Hy sag in jou oor fluister: "Ek is lief vir jou." Laat Hom toe. Indien jy dan moet praat sê net dankie vir Hom. Geniet en ervaar Sy teenwoordigheid, Sy liefdevolle teenwoordigheid, Sy liefdevolle goedheid. Moenie iets probeer doen nie, moenie iets probeer sê nie. Laat Sy liefde oor jou vloei tot diep binne in jou. Dan sal jy ook iets van Sy liefde hê om weer met ander te deel.*

**Giddel: God het wisdom gegee.**

‘n Gelowige vriend van my sê dat God vir hom gewys het dat ons gebede vir ons dorp nie ten volle beantwoord word nie, omdat daar ‘n net oor ons dorp gespan is. Hierdie net keer die gebede wat vir hierdie dorp opgaan. Hierdie net kan nie deur die gebede deurbreek word nie, omdat satan hierdie net instand hou. Dit is amper soos met die dissipels wat deur Jesus uitgestuur is en nie duiwels kon uitdryf nie. My vriend sê dit is omdat gelowiges, waaronder leraars, nie hulle werk doen nie.

In Mat. 6:33 staan:

*Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

*Al hierdie dinge* is ‘n verwysing na die voorafgaande naamlik die dinge soos kos en klere, met ander woorde ons daaglikse behoeftes. Ons behoefte tans in hierdie dorp is water, reën uit die wolke, daar waar satan se net tans gespan is. Waarom kan satan se net nie met God se wolke oor ons dorp vervang word nie? Kan dit wees soos dit so eenvoudig en duidelik vir ons uitgestippel word: *ons soek nie in die eerste instansie God se koninkryk en Sy geregtigheid nie.* Ons soek dalk in die eerste instansie ons koninkryk, met ander woorde ons wil, ons eer, ons mag, ons plesier en ons genot. Verder word Sy reg, Sy regverdigmaking, die Evangelie van

Jesus Christus, ondergeskik gestel aan die mens se reg, die mens se goeie dade, die mens wat glo hy kan die hemel self verdien, die miskenning van die straf van die hel, die afwatering van God se Woord, die invoeging, byvoeging en weglating van God se Woord tot die Woord by die mens aangepas het om sy moderne humanistiese verafgoding van die mens te dien.

Indien *eers* aan *dan* ondergeskik bly, sal die **net** nooit 'n **wolk** word nie.

12 Mei

## Martha, Martha

In Lukas 10 vers 38 tot 42 is die interessante gedeelte oor Jesus se besoek aan Martha en Maria, opgeteken. Martha was baie bedrywig om alles vir die gaste in gereedheid te kry terwyl Maria by Jesus se voete gesit en luister het na wat Hy die mense vertel het. Die een was besig om beheer oor die situasie te probeer uitoefen en die ander een het oorgegee aan die situasie en het Jesus die middelpunt van haar fokus en gedagtes gemaak. Soos Jesus gesê het: *---net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies.*

In Markus 4: 35 tot 41 is Jesus saam met Sy dissipels in 'n skuit op die onstuimige See van Galilea. Jesus slaap op die agterste deel van die skuit en die dissipels vrees vir hulle lewens. Toe hulle Jesus wakkermaak verwyt Hy hulle vanweë hulle ongeloof, wat tot vrees by hulle aanleiding gegee het. Dit was nadat Hy die wind bestraf het, die see gekalmeer en die wind bedaar het. Wat het die dissipels verkeerd gedoen dat hulle vrees in plaas van vertrou in Jesus ervaar het? Hierdie manne was ervare seevaarders. Hulle was vissers van beroep en het die see geken. Alles wat hulle kon doen, het hulle gedoen en dit was nie genoeg nie, die see het gedreig om hulle te verswelg. Hulle het stadig van selfbeheer en die maak van eie planne, oorgegaan tot vertrou in God, in Hom wat alleen instaat was om hulle te red. In die proses het hulle vrees ervaar vanweë hulle eie onvermoë om die situasie te hanteer.

In Johannes 6 vermeerder Jesus 5 broodjies en 2 vissies om 'n skare van 5 duisend mans, uitgesonder die vrouens en kinders, te voed. Eers toets Jesus Sy dissipels se geloof en vra Hy hulle om die skare te voed. Hulle besef hulle eie onvermoë en besef dat hierdie situasie buite hulle beheer is. Andreas begin lig sien en hy verklaar dat daar 'n seuntjie is wat 5 garsbrode en 2 vissies het. Dit is asof hy vir Jesus wil sê: *Maar ek weet U kan iets daarmee doen.* Dan val hy terug in die ongeloof van selfdoen en verklaar: *Maar wat is dit vir so baie mense?*

In die gedeelte waar Jesus op die water loop en die dissipels van vrees skreeu kom Petrus baie naby aan selfverloëning en geloof in God (Mat. 14:25). Hy gooi alle selfvertroue oorboord wanneer hy oor die kant van die skuit klim en Jesus op die water begin tegemoet stap. Die oomblik toe hy van homself bewus raak en sy eie pogings, toe hyself begin beheer oorneem oor sy situasie, toe begin hy sink. Alleen toe hy uitroep na beheer buite homself: *Here red my!* lig Jesus hom uit die watermassa op.

Uit die baie dinge wat ons uit hierdie gedeeltes kan leer is daar een wat uitstaan en dit is dat die mens, wanneer hyself wil beheer, nie meer op God se hulp kan staatmaak nie. Dit is altyd **of** God **of** ek. Die mens leer hierdie les op harde maniere. Dit is dikwels eers wanneer die mens in sy eie krag en eie beheer van situasies, nie meer die mas opkom nie en onder die water van die lewenseise begin sink, dat hy leer om beheer aan God oor te gee. Alleen wanneer die mens se vertrouwe oorgaan van self na God toe, en hy nie meer op sy eie beheer vertrou nie,

gebeur dit dat die mens in geloofsvertroue begin lewe. In die selfverloëning van die mens, in die kruisiging van self en selfpogings word die krag van God vrygestel soos Paulus dit so mooi vir ons stel in 2 Korintiërs 12: 8: *My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.* Alleen in selfverloëning en in die opgee van selfbeheer, in die aanvaarding van die leiding en krag en beheer van God se Gees, is daar vir die mens hoop tot oorlewing opgesluit.

**Gilalai: Die Here het weggerol.**

Daar is drie menslike behoeftes wat baie nou verweef is met geestessiektes, menslike geluk en die mens se soeke na die sinvolheid van die lewe. Elkeen van hierdie behoeftes het 'n noue verbintenis met God. Kom ons kyk na hierdie drie behoeftes en wat die Bybel daarvan sê.

**1. Die behoefte om te voel dat jy behoort.**

Elke mens wil graag weet dat hy of sy aan iets of iemand behoort. Die mens het 'n behoefte om deel van iets te wees, iets soos 'n familie, 'n groep, 'n kerk, 'n gesin of 'n huwelik. Wanneer hierdie behoefte bedreig word en die bande met die groep of persoon aan wie graag behoort wil word, verbreek of bedreig word, val die mens se lewe uitmekaar. Basies kom dit neer op 'n behoefte om aanvaar te word en so word die vrees vir verwerping een van die mens se grootste vrese.

Solank die mens sy behoefte aan aanvaarding aan mense en menslike instellings koppel voel hy voortdurend bedreigd aangesien die kans vir verwerping deur mense altyd bestaan. Juis daarom is dit so belangrik om jou behoefte aan aanvaarding aan Jesus te koppel. Hy het gesê:

*Ek sal jou nie los nie. Ek sal jou nie in die steek laat nie ( Hebr. 13:5) Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie ( Ps. 23). Niks kan ons skei*



*van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (Rom. 8:39).*

*Niemand sal hulle uit My hand ruk nie.*

## **2. Elke mens wil voel dat hy of sy waarde het.**

Van die vroegste tye af het satan hierdie menslike behoefte uitgebuit. So verlei hy vir Eva met die leuen dat sy soos God kan wees deur alles te ken (Gen. 3:4). Die hele menslike positiewe selfbeeldbeweging is gegrond op die mens se behoefte om self iets en iemand te wees. Die hele Humanistiese denkraamwerk is gebaseer op die verafgoding van die mens en die mens se waarde. Die meeste moderne godsdienste gebruik die mens se belangrikheid, en die mens se belang, as uitgangspunt om megakerke mee te bou. Die mens en sy belang word voorop gestel. Die mens is die belangrikste en subtiel word God ondergeskik aan die mens se belang gestel soos by die voorspoedsteologie. Waar God ter wille van die mens gebruik word, moet rooi ligte begin flikker. Die mens word dikwels vergoddelik asof die mens alles kan doen. So sal die mens deur bloot die regte woorde te spreek, God kan manipuleer om die mens se wil te doen. Die mens sal onbeperkte intellektuele vermoëns besit wat hom tot alles in staat kan stel. Die mens kan homself genees indien hy net reg kan glo. Die mens se geloof, en nie God wat genees nie, word voorop gestel. Die moderne Sielkunde, Humanisme, Rasionalisme, Empirisme en Evolusionisme is alles goggas wat uit die menslike verafgoding te voorskyn gekom het.

Die enigste waarde wat die mens het, is in sy totale selfverloëning, die erkenning van sy eie gevalle sondige toestand, die erkenning van sy eie onvermoë tot redding en saligheid, die aanvaarding van die bloedverdienste van Jesus, die Seun van God, die oorgawe en aflegging van sy eie lewe en die oorgee van die lewe aan die leiding van die Heilige Gees. So alleen kan die mens die behoefte om iets en iemand te wees sinvol bevredig. Al die sielkundige oefies om die mens beter oor hom of haarself te laat voel, is leuens wat vanuit die hel in stand gehou word.

### **3. Om toereikend te voel.**

Die lewe stel hoë eise aan die mens. Voortdurend word hy gekonfronteer met uitdagende situasies. Geweldige klem word op voorbereiding vir die hantering van hierdie uitdagings gelê. Die beste skoolopleiding, beroepsopleiding, die beste werkplek, die beste land om in te werk, is alles deel van die poging om die mens toereikend te laat voel, om te voel dat hy in staat is om die eise van die lewe te kan hanteer. Weer eens is daar 'n stuk verafgoding van die mens aan die orde van die dag. Soos sommige filosowe dit stel: *Man is master of his own fate*. God word in hierdie strewes, om selfgenoegsaam te wees, buite rekening gelaat. God word dan dikwels net in die uiterste noodsituasie, soos 'n motor se noodwiel, aangewend. So word die Goddelike waarheid van die Bybel geïgnoreer: *Ek is tot alles in staat **deur God** wat my krag gee (Fil 4:13)*.

Die grootste gevaar van die tyd waarin ons lewe, is die subtiele verleiding van satan om die mens te laat voel dat hy god is. Enige nuwe godsdienstige idee of nuwe rigting moet altyd beoordeel word deur die volgende kriterium toe te pas:

**Waar staan Jesus in hierdie saak? Oor wie gaan dit nou eintlik hier? Gaan dit oor die mens of gaan dit oor God? Gaan dit oor God se eer, oor Sy koninkryk en oor Sy wil of gaan dit oor die menslike verheerliking, die mens se aardse koninkryk en dit wat die mens graag wil hê? God of mens?**

14 Mei

## Met wie en wat jy assosieer

### **Ginnetoi: Oppasser van die tuin.**

Die Bybel waarsku ons uitdruklik dat ons versigtig moet wees met wie en wat ons, ons besig hou. Slegte geselskap kan baie riskant vir jou sieleheil wees. Dit wat jy lees, kyk, hoor en bedink word deel van jou en beïnvloed grootliks hoe en wat jy gaan wees. Indien jy in God bly, in Sy liefde en Sy Woord, in Sy genade, soos Hy in jou bly, kan jy verwag om soos Hy te word. Indien jy jou in mense se woorde en gedagtes verdiep, kan jy verwag om soos die mense, na wie jy so gretig luister, te word. Daarom moet jy versigtig wees na wie jy luister.

God praat met ons deur ander mense se doen en late. Paulus nooi ons uit om soos Hy op te tree. Jesus stel vir ons die perfekte voorbeeld van hoe om op te tree. Indien ons soek om liefde en genade om ons raak te sien, is die kans goed dat ons ook genade en liefde sal begin vertoon. Die teendeel, soos haat en geweld en onvergifnis, sal ook ons lewensstyl word indien ons gedurig daarna kyk op die televisie, daarvan lees in die koerante en dit uitspeel op rekenaarspeletjies.

Indien jy jou blootstel aan die bloot intellektuele vertolking van God se Woord is die kans goed dat die Woord nooit dieper as jou intellek by jou ingang sal vind nie.

Indien jy net aan emosie blootgestel word in die woordverkondiging sal die dieper waarheid van God se Woord jou bly ontwyk.

Indien jy bereid is om na iemand, wat uit sy hart met jou praat, te luister, is die kans goed dat jou hart op daardie boodskap gaan reageer.

Indien jy met openheid en geloof na mense luister wat oor God en Sy wonders getuig, sal jy 'n behoefte aan 'n persoonlike getuieenis ontwikkel.

Indien jy mense wat genot, status en rykdom najaag, jou vriende maak, moet jy nie huiel indien jy ook hierdie dinge begin nastreef nie.

15 Mei

## Miga

### Gispa: Opmerksaam.

Miga kom van die Hebreëuse *Mi-ka-jah* wat beteken *Wie is soos God*. Hierdie profeet van God het 2700 jaar gelede besondere interessante voorspellings van God vir ons opgeteken. Baie van die voorspellings het met Israel en Juda te make maar daar is ook eindtydvoorspellings vir ons opgeteken, sogenaamde *latter days* voorspellings.

Tussen die oortredings van Israel 2700 jaar gelede, en dit wat ons vandag in Suid-Afrika doen, is daar groot ooreenkomste. Luister 'n bietjie na die dinge wat Israel 2700 jaar gelede aangevang het (Amplified Bible Introduction p. 1032)):

*The capitals will be destroyed because of the **sinfulness of the leaders. Civic rulers, prophets and priests are guilty of failing to reflect the fear of God in their responsibilities. Social injustice prevails and holiness in everyday living is lacking. Impending doom awaits them.***

Die gelowige Godvresende Israeliete het onder dieselfde straf gekom as die ongelowige afgodsaanbidders. Alhoewel hulle saam met hulle landgenote gelyk het en saam met hulle in ballingskap weggevoer is, is daar vir hulle 'n belofte van troos gegee. Weliswaar sou hulle duisende jare daarvoor moes wag maar die vervulling van hierdie verwagting sou nie uitbly nie. Kom ons kyk wat sou hierdie troos en hoop in die verre toekoms inhoud:

*By contrast the promise of restoration provides hope for those who put their trust in God. Restored Zion will be the centre of the Universal Kingdom where absolute peace and justice will prevail. The **Mighty Ruler in Israel** whose **birthplace is identified as Bethlehem** will establish a kingdom that will last forever.*

Ons wat 2700 jaar later as Miga lewe is onderhewig aan dieselfde probleme naamlik:

*Leiers wat in sonde lewe.*

*Siviele leiers soos baie mense in regeringsposte wat korrup lewe en nie hulle verantwoordelikhede, soos God dit aan hulle gegee het, nakom nie.*

*Geweldige onreg soos 70,000 blankes wat sedert 1994 in Suid-Afrika vermoor is.*

*Totale goddelose leefstyle in die tye waarin ons lewe.*

Vir ons wat aan God behoort en Sy wil probeer doen is daar temidde van die swaarkry wat met die losbandige leefstyl van ongelowiges gepaard gaan, soos droogte, hitte, ineenstorting van dienste, 'n hopelose finansiële toekoms, toenemende verswakking van standarde, nog hoop. Al verskil tussen ons en die gelowige Israelite van 2700 jaar gelede is die tyd wat oor is voor die wonderlike finale voltrekking van die beloftes van God.

Soos Israel vorentoe gekyk het met 'n verwagting dat die voorspelling van Miga gaan waar word ten opsigte van die *Mighty Ruler* wat in Bethlehem gebore sou

word, is ons in die posisie dat ons weet dat dit alles waar geword het. Ook ons hou vas aan hierdie *Mighty Ruler* en weet dat Hy spoedig ons sal kom haal.



16 Mei

## Wet van Omgekeerdheid

**Giddel: God het wasdom gegee.**

*Vervloek, o, menslike logika,*

*Verwoes deur Goddelike dinamika.*

*Toe jy, Eva, God wou wees,*

*Jouself probeer genees.*

*Het God jou verdoem,*

*Om jou later te kan versoen.*

*In jou strewe na Goddelikheid,*

*Verdoem jy jou tot sterflikheid.*

*Alleen in selfverloëning,*

*Kry jy deel aan Godkoning.*

*Wet van omgekeerdheid is vas,*

*Jou ewige las.*

*In jou wou koningwees,*

*Is jy verdoem tot dooie gees.*

*Toe jy wou heers,*

*Het Hy gesê, jy sal laaste wees.*

*Toe jy strewe na bedien,*

*Het Hy bepaal dat jy sal dien.*

*Toe jy ryk wou wees,*

*Moes jy arm word van gees.*

*Toe jy hier wou lewe,*

*Moes jy voor die dood bewe.*

*Toe jy in self verbly,*

*Moes jy leer van ewig ly.*

*In baie moes jy ervaar,*

*Jy het eintlik hier niks gebaar.*

*In jou lewenslengte,*

*Het jy ontdek jou beperkte denke.*

*Sondelot sonder God,*

*Geen ewige salige lot.*

17 Mei

Moedersdag: 8 Mei 2016

**Hadassa: Ster (Ester).**

Sy was aanvanklik net 'n rantfiguur, 'n tannie aan my vrou se kant, die suster van my skoonpa. Sy was die persoon by wie my vrou aangetrek het vir haar troue, 50 jaar terug. Sy en haar man het 'n Mercedes gehad en het hom vir ons as troukar beskikbaar gestel. Hierna het sy en haar man grootliks uit ons lewens verdwyn. Ons het van hulle geweet en het 'n hulle 'n paar maal raakgeloop by my skoonouers. My indrukke van hulle was dat hulle Godsdienstige mense is, baie ordentlik, wel berese en belese, amper 'n bietjie *smart* vir ons outjies. Ek het van hulle gehou. Daar was 'n diepte en opregtheid in hulle wat my altyd beïndruk het. Iets wat my opgeval het is dat die man en vrou gesels tot 'n fyn kuns ontwikkel het. My mond het letterlik oopgehang wanneer die twee saam met my skoonouers staaltjies uit die verlede vertel het. Die humor was oorweldigend en ek kan net met aangename weemoed hierdie geleentheid in herinnering roep. Soos die jare aangegaan het, het ons verhouding met die twee verdiep sonder dat daar veel kontak was. Soms het ons saam met hulle, en hul dogter, Groen Erfenis besoek en by Pelgrimsrus gaan stap. Hulle was groot stappers en het bykans alle voetslaanroetes op hulle kerfstok gehad. 'n Groot hartseer het die gesin getref toe die enigste kind aan kanker gesterf het. Die oom het ook later afgesterf. Soos hulle gesinnetjie kleiner geword het, het my verhouding met die tannie net beter geword. Ons het 'n sterk raakpunt in ons liefde vir Jesus gevind en kon maklik

saam kerkhou. Die gesprekke het natuurlikerwys na die wesentlike van die lewe toe gedryf. Ek het baie lief vir haar geword en gee werklik vir haar om. Nadat my ma afgesterf het, dink ek het ek haar half as my ma aangeneem. Ek dink ek was so half-en-half die seun wat sy nooit gehad het nie. Dit bring my dan by die meer resente tyd, sê die afgelope 10 jaar, so vandat sy 80 geword het. Miskien is daar nie so baie dramaties om te vertel van hierdie tyd nie behalwe dat my respek vir haar toegeneem het, dat ek baie by haar geleer het van ons Here en dat ek maar net meer lief vir haar geword het. Haar ywer vir ons Here se Koninkryk sal my altyd bybly. Oral waar sy gegaan het, het sy kinders vir Hom gemaak, **rokende stompe uit die vuur geruk**, mense bemoedig en versterk. Omdat sy so 'n sterk persoonlikheid gehad het, het sy reguit, sonder vrees vir verwerping, met mense gepraat indien dit nodig was en selfs tereg wysend opgetree. Haar Here was haar hoogste prioriteit en Sy eer was bo alles. Sy het geweldige dryfkrag openbaar en het 'n uitsonderlike verstandelike vermoë gehad. So kon sy op haar negentigste verjaarsdag Johannes 14, 15 en 16 foutloos opsê. Sy kon ook op daardie ouderdom met haar hande plat op die vloer raak. Merkwaardig! Een van haar passies was die maak van lappoppe en die pragtigste klere vir die poppe. Die opbrengs van hierdie poppe se verkoop, het vir Sy Koninkrykswerk gegaan. Ek skryf asof sy nie meer daar is nie. Maar sy lewe nog steeds, en hoewel op 'n afgeskaalde skaal, gaan alles nog voort. Dikwels wonder 'n mens oor wat nou eintlik 'n suksesvolle lewe vir 'n vrou sou wees. Die Bybel gee vir ons 'n breedvoerige beskrywing van die ideale vrou. Mens kry nie eintlik so iets vir 'n

man nie, seker omdat daar nie eintlik sulke ideale mans is nie. In Spreuke 31 word in die *Bybel vir Almal* dinge opgenoem wat 'n mens by so 'n ideale vrou sou kon verwag:

*Sy is kosbaarder as koraal.*

*Sy sal doen wat sy belowe het.*

*Sy geniet dit om met haar hande te werk.*

*Sy staan op terwyl dit nog donker is.*

*Sy sê vir haar gesin wat hulle moet doen en*

*Sy gee vir haar bediendes werk.*

*Sy dink goed ..... en koop ....en plant.*

*Sy werk die hele nag.*

*Sy gee graag vir mense wat hulleself nie kan beskerm nie,*

*Vir mense wat niks het nie.*

*Sy is sterk en kan aanhou werk.*

*Sy maak klere en sy verkoop dit.*

*Sy is 'n sterk en netjiese vrou.*

*Wanneer sy praat, praat sy met wysheid,*

*Sy leer vir haar mense om vriendelik te wees.*

*Sy kyk dat alles reg gaan in haar huis,*

*Sy is nie lui nie.*

*'n Vrou bly nie altyd jonk en mooi nie,*

*'n vrou wat die Here dien en Hom respekteer,*

*Dit is vir haar wat ons wil prys.*

**Kan ons jou beter beskryf as hierdie gedeelte in Spreuke 31, my lieve tannie?**

Haar regte naam is Johanna. Party noem haar Joyce en ander weer Joeye.

Hoe jy haar ookal ken, en hoe jy haar naam ookal skryf, is nie werklik so belangrik nie. Wat wel belangrik is, is dat haar naam in die Boek van die Lewe geskryf is.

**Dankie vir die voorreg om u, my lieve Tannie, te kon ken.**

18 Mei

**Gebed**

**Haleluja: Loof Jahwe.**

*Neuronbaan*

*Wat in die brein ontstaan.*

*Gevorm deur herhaling,*

*Dikwels sonder verklaring.*

*Neuronbaan*

*Gevorm deur kommunikasies,*

*Met die Heilige van alle nasies.*

*Vertikaal bepaal,*

*Na 'n duisendmaal.*

*Neuronbaan*

*Gebedgedrewe,*

*Om omhoog te swewe,*

*Verhef uit aardse bestaan,*

*'n Ewige hemelweg gebaan.*

19 Mei

## My Vriend

### Hamat: Sterkte.

My vriend, God het 'n uitsonderlik goeie brein aan jou toevertrou. As gevolg van hierdie brein kan jy analiseer, sinteseer, vergelyk, dinge uitwerk, beplan, logies dink. Jy het jou brein goed benut en het moontlik al 'n kwalifikasie of twee verwerf. Jy hou van mindgames en is uitstekend met intellektuele uitdagings.

Nog steeds prikkel die intellektuele jou al het 'n stukkie lewe by jou verby beweeg. Nog steeds is jy besig om nuwe vergesigte te ontdek en te ondersoek. Jou brein en gees is oop vir nuwe kennis, nuwe insigte, nuwe dinge.

Jy is altyd gereed om 'n saak te beredeneer, om die logiese te toets. So sal jy ander standpunte graag beluister en dit dan intellektueel uitmekaar skeur.

Steeds soek jy nog meer kennis, meer en beter insigte, en steeds bly jy onbevredig, kry die oog net nie genoeg van sien nie, al spandeer jy ure voor die televisie, luister jy ure na die radio en lees jy eindeloos van ander se idees en insigte en nuwe ontdekkings.

### **Maar my vriend**

Wat het geword van jou geloof? Het al die kennis, die intellektualisme nie die varsheid van kinderlike vertrouwe verdring nie? Kan jy nog dieselfde opgewondenheid, wat jy oor nuwe insigte ervaar, in jou kinderlike geloof in Jesus



se redding van jou siel kry? Kan jy nog kinderlik aanvaar en vertrou sonder om te verstaan en te verklaar? Kan jy?

Jesus se eerste saligspreking is vir die *eenvoudiges, die wat arm van gees is, die wat weet hoe afhanklik hulle van God is want aan diesulkes behoort die Koninkryk van God.*

Oppas vir die pad van intellektualisme. Jy is nie die eerste persoon wat hierdie pad geloop het nie. Lank gelede het 'n vrou wat sondeloos was reeds die eerste tree op hierdie pad gewaag. Haar naam was Eva. Sy het alles gehad wat nodig was vir 'n perfekte verhouding met haar Skepper, dit wil sê kinderlike afhanklikheid en vertrou. Toe satan egter die voortreflikhede van intellektualisme aan haar voorgehou het, het sy die verkeerde keuse gemaak en het sy besluit dat sy liever nie meer afhanklik van God wil wees nie, maar eerder self soos God wil wees, deur alles te ken.

Die mens is baie broos wanneer hy met hierdie tipe verleiding te make kry. Oppas dat dieselfde intellektualisme nie nou dit, wat die Heilige Gees vir jou probeer sê, uit jou hart wegredeneer nie.

*Dankie dat jy sover gelees het. Dankie dat jy my herinner aan my eie broosheid wanneer dit oor hierdie kwessies gaan.*

**Hanan: Genadig.**

Is jy 'n goeie mens? Doen jy God se wil?

Kom ons kyk weer 'n bietjie na God se wil vir die mens. Met ander woorde kom ons kyk hoe die mens veronderstel is om te leef.

Ons kry die riglyne vir 'n goeie mens in Lukas 6: 27 tot 38. (Die Amplified weergawe gaan vry vertaal word). Jesus is aan die woord in die bekende bergpredikasie. Jesus se opmerkings oor hoe die mens behoort op te tree, gaan in die vorm van vrae gestel word. Die doel daarvan is om ons te help om onself te toets:

Probeer na elke toets **Selah** toe te pas, dit wil sê: **Stop en luister** wat die Heilige Gees vir jou wil sê.

1. *Maak jy 'n gewoonte daarvan om jou vyande lief te hê? **Selah**.*
2. *Maak jy 'n gewoonte daarvan om goed te doen aan jou vyande? **Selah***
3. *Tree jy grootmoedig (nobly) op teenoor mense wat jou verag en jou met haat hanteer? **Selah***
4. *Seën jy mense en bid jy dat hulle gelukkig sal wees wanneer hulle jou vervloek en jou mishandel? **Selah***
5. *Wanneer iemand jou op die een wang slaan, draai jy ook jou ander wang na hom toe? **Selah***

6. Gee jy altyd vir die wat iets van jou vra? **Selah**
7. Indien iemand iets by jou gevat of as jy dit vir die persoon geleen het, vra jy dit terug? **Selah**
8. Doen jy aan ander soos jy graag wil hê dat hulle aan jou moet doen? **Selah**
9. Het jy mense lief wat niks vir jou omgee nie? **Selah**
10. Doen jy goed aan mense wie jy weet nie aan jou terug goed kan doen nie?  
**Selah**
11. Leen jy geld aan mense wie jy weet dit nie gaan terug betaal nie, sonder om rente te vra. Beskou jy so 'n lening as 'n skenking? **Selah**
12. Probeer jy in liefde teenoor ander optree omdat God vir jou met al jou gebreke lief bly? **Selah**
13. Is jy genadig teenoor mense wat teen jou oortree; is jy simpatiek, sag en hartlik teenoor hierdie mense? **Selah**
14. Oordeel en veroordeel jy ander met die wete dat jy met dieselfde maatstaf waarmee jy meet, gemeet gaan word? **Selah**
15. Gee jy maklik weg of is jou hand toe vir jou medemens? **Selah**

Dalk is dit nodig dat ons onself aan Jesus se standarde meet. Min van ons sal dan nie op ons knieë voor Jesus staan nie.

**Selah**

**Hanna: Lieflikheid.**

Die Engelse *allegory* word soos volg omskryf: *Narrative describing one subject under the guise of another.*

So gesien is baie van die opgetekende geskiedenis in die Ou Testament 'n allegorie. Dink maar net aan die geskiedenis van Israel wat uit hulle slawerny in Egipte verlossing ontvang deur die dood van die Egiptiese eersgeborenes, hulle tog deur die woestyn totdat hulle uiteindelik deur die Jordaan trek om hulle beloofde land in besit te neem. Die beskrywing van hierdie stuk geskiedenis het ook 'n allegoriese toepassing aangesien dit onder andere heenwys na die Eersgebore Seun van God, Jesus, wat vir die mens se sondes geslag sou word.

'n Pragtige allegorie word vir ons opgeteken in Johannes 4, waar dit oor die Samaritaanse vrou gaan. Op die oog af wil dit voorkom of dit bloot die verhaal van die Samaritaanse vrou se redding is. In hierdie gedeelte word daar egter kostelike waarhede vir ons deurgegee. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie dinge:

1. *Jesus as mens met menslike beperkings en menslike lyding word vir ons uitgebeeld:*

*Joh. 4: 6: uitgeput van die reis het Jesus net daar by die fontein gaan sit.*

2. *Jesus is nooit te moeg om 'n mens se siel te red nie. Dit blyk uit die hele gedeelte van die Samaritaanse vrou.*

3. *Jesus is nederig, belangstellend en dienend. Kyk maar net hoe verbaas is die Samaritaanse vrou dat Jesus, 'n Jood, met haar, 'n veragtelike Samaritaan, praat. Sy is net so verras dat Hy met 'n nederige vrou, wat nie eintlik in die kultuur van die tyd geag is nie, 'n gesprek aanknoop.*
4. *Die mooiste is hoe Jesus die vrou se wens, om van die lewende water te ontvang, aanspreek. Toe sy vra dat Jesus vir haar water moet gee, het sy nie geweet dat sy vir die redding van haar siel vra nie. Pragtig hoe Jesus Sy gewaande behoefte aan water gebruik om die vrou te bring tot by die punt waar sy vir water vra. Werk Jesus nie nog vandag so in ons lewens nie?*
5. *Die woorde; "Gaan roep jou man" is die wonderlikste indirekte ingryping van Jesus om die vrou tot sondebeseft te bring. So bring Jesus vandag nog mense tot inkeer deur aan hulle vrae te vra soos: Waar is jou kind? Wat doen jy hier? Wie is vir jou die belangrikste ens.*
6. *Soms moet Jesus so direk met ons praat om ons siele te red soos met die Samaritaanse vrou toe Hy vir haar sê: "Ek is die Een wat met jou praat" (bedoelende **Die Messias**)*
7. *Dit is soms net nodig dat een mens in oortuiging oor 'n eenvoudige ding, wat Jesus in jou lewe gedoen het, getuig om die Evangelie van Jesus soos 'n veldbrand te laat versprei: Vers 29:" Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Hierdie man is tog nie die Christus nie, of hoe?"*

8. *Jesus is nie te hoog of te belangrik om by basters oor te bly nie. Jesus bly 2 dae by die Samaritane oor en baie kom in Sy koninkryk in.*
9. *By die lees van die allegorie van hierdie verhaal word ons ten diepste geraak deur hoe wonderlik hierdie Jesus van ons is. Hoe is dit moontlik dat Hy ons so lief kan hê, dat Hy homself so sou verneder, so diensbaar sou word, so vol erbarming en ontferming Homself vir ons sou uitstort?*

Dankie Here, baie dankie.

**Hannaton: Bekoorlikheid.**

Kry jy ook soms hierdie gevoel dat daar nie liefde in jou is nie. Dit voel of jy nie regtig vir God met 'n brandende liefde liefhet nie. Jy voel onverskillig oor jou medemens en sy lot raak jou nie eintlik nie. Wanneer jy ander gelowiges met 'n passie vir God en vir hulle medemens raakloop, voel jy skuldig omdat jy so apaties teenoor God en jou medemens staan. Indien jy nie een van hierdie mense is nie kan jy nou maar ophou lees, dan is hierdie boodskappie nie vir jou nie.

Nou ja, welkom by ons groep, sporadies ongevoelige, liefdelose mense. Hoe gebeur dit dat ons wat ook tog die meeste van die tyd lief is vir God en omgee vir ons medemens op sulke brak liefdelose lewenskolle uitkom?

God is liefde. Hy is die enigste bron van liefde. Soos Johannes sê: Ons kan net liefhê omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Indien jy dit nie glo nie en die bron van liefde op enige ander plek soek sal jy nie Goddelike liefde kan ontvang nie en jy sal gevolglik niks hê om uit te deel aan ander nie. Enige mens wat die liefde self probeer opwek, sal vir 'n baie beperkte tyd en in 'n baie beperkte mate liefde ervaar. Dalk sal die emosie van liefde vir 'n rukkie geprikkel word soos wanneer jy 'n mooi babatjie of 'n mooi hondjie sien. Hierdie liefde sal nie veel verskil van die liefde wat 'n ongelowige ervaar nie. Dit is nie die liefde wat God in ons harte uitstort nie.

Maar dit verklaar nog nie waarom ons sporadies so liefdeloos is nie. Kan dit wees dat ons God nie glo as Hy sê dat Hy ons liefhet nie? Raak ons te min stil by Hom. Laat ons te min toe dat God ons kan liefhê? Gee ons vir Hom te min geleentheid en tyd om ons lief te hê? Bedink ons te min wat Liefde doen? Dit mag alles waar wees. Daar is egter nog 'n rede vir ons liefdelose bestaan. Liefde is nie werklik iets wat ek kan doen nie. Liefde, Goddelike liefde is buite die vermoë van die natuurlike mens. Vir hierdie liefde is die mens afhanklik van God. Alleen God, wat die enigste bron van liefde is, kan hierdie Goddelike liefde op ons, en in ons, uitstort. Die enigste ding wat jy kan doen is om in God te rus en om Hom toe te laat om Sy liefdevolle arms om jou te vou, soos die vader sy arms om die verlore seun gevou het (Lukas 15:13). God deel nie Sy eer met enigiemand anders nie. Indien jy tot liefde in staat was, sou jy God nie nodig gehad het nie. Daarom sal jy weet, wanneer jy op die brak kol van liefdeloosheid wei, dat jy nie besig is om God toe te laat om alles te wees en alles te doen nie. Met ander woorde, dat jy Hom nie stil toelaat om jou lief te hê nie. Selfs jou blote aanvaarding van God se liefde impliseer nog iets wat van jou kant af gedoen moet word om God se liefde te ontvang. So kan jy dan deel in die eer wat Hom alleen toekom. God is liefde (1 Joh. 4:8). Ontspan. Rus in Hom. Sit stil by Hom. Laat Hom toe om met Sy liefdevolle teenwoordigheid jou te bedien. Soos jy Sy liefdevolle teenwoordigheid ervaar en weet dat Hy jou liefhet sal Sy liefde rustig en stil weer jou deel word. Indien jy dan hierdie liefde aan ander begin uitdeel, sal Sy liefde



jou weer vul. So sal jy in die beweging van Sy liefde deur jou, weet dat alles nou  
weer reg is.

23 Mei

## Ingebore

### Hanun: Begenadigde.

*Na die geboorte---- in sondegeval,*

*Gered deur inkeer, veral.*

*Toe die geboorte - die wedergeboorte!*

*Ingebore deur die skeidingsgordyn,*

*Van Sy helse pyn,*

*Tot in die Vader se teenwoordigheid.*

*Gewas deur die bloed -----*

*Die bloed van die Lam.*

*Deur die skreeu: " Dit is volbring!"*

*Ingebore in Sy binnekring.*

*Eens, net eens, die Godsgeboorte,*

*Deur die ongeskeurde maagdevlies.*

*Ingebore in die aardse*

*Met hemelse verlies.*

*Gekeur--Gekies*

*Deur Sy hemelse verlies*

*Vir ons ewige uitverkies.*

**Harum: Verhewe.**

Deur vraagstelling kom 'n mens tot kennis. Dit is in elk geval wat satan vir Eva probeer wysmaak het. Hy vra haar in die Tuin van Eden (Gen. 3:1): *Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?* Hierdie opmerking van satan verlei Eva tot bevraagtekening. Waar sy voor die vraagstelling van satan, tevrede was om alles net te aanvaar en God gelowig te vertrou, open satan 'n ander dimensie van haar menswees vir haar. Deur haar bewus te maak van haar vermoë om te kan bevraagteken open hy die rasionele wêreld vir haar. Toe sy satan se vraag probeer beantwoord, het sy die geveg verloor en was sy reeds intellektueel gevang in sy mag. Sy het geen kans gehad teen sy beredenerings nie. Spoedig het hy haar met sy halwe waarhede, sy intellektualisme en beredenerings oortuig. *Wie sal dan nie soos God wil wees deur alles te ken nie (Gen. 3:4).* Haar geloof in God en dat Hy die beste weet, is deur haar betekenisgewing opgehef en sy het as rasionele wese begin funksioneer. Haar denkwyse het tot sekere handeling gelei (Gen. 3:6). *Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van die vrugte gepluk en geëet.* Sonde is gebore, 6000 jaar gelede. Dalk sal dit wat hier geskryf is vir jou nie sin maak nie omdat jy ook deur intellektualisme beheer word, en dit wat hier geskryf is slegs verstaan kan word uit 'n geloofsperspektief. Dalk kan jy met jou intellektualisme die geloof in die kreatiwiteit van God nie

aanvaar nie en soek jy in 'n teorie soos evolusionisme die antwoord op jou vrae. Dalk is die geskiedenis van Adam en Eva vir jou soos 'n feevertaal aangesien jy geen empiriese bewyse daarvoor kan vind nie. Dalk het jy uit jou wetenskaplike benadering ander verklarings vir die werklikheid om ons. Onthou daar sal altyd hierdie spanningslyn wees tussen intellektualisme en geloof. Jy kan uit geloof sekere openbarings aangaande die werklikheid om jou bekom, maar jy kan nie deur kennis van die werklikheid tot geloof kom nie. Jy gaan tevergeefs soek om in die verklaring van dinge, geloof te bekom. Dink maar aan die Fariseërs wat so hard probeer het om logiese verklarings vir Jesus se wonderwerke te probeer kry. Geloof en Rasionalisme is twee pole al probeer geleerdes hoe hard om die twee te versoen. Geloof is 'n genadegawe van God. Punt.

Waarom sal die mens so hard probeer om deur sy intellek God en God se optredes te probeer verstaan en verklaar? God openbaar Homself aan die mens nie deur intellektuele verklarings en empiriese bewyse nie maar deur geloof. Hoe gaan die mens met sy intellek dinge verklaar waarvan hy nie die vaagste benul het nie. Neem nou maar die liefde. In watter deel van die brein ontstaan liefde, deur watter chemiese prosesse, deur watter elektroniese impulse, deur watter tentakels van watter breinselle, deur watter prosesse ten opsigte van die verskillende tipes liefde? Wat van die intensiteit van liefde en die motiveringskrag van liefde? Hoe en waar word dit gevorm? Wat is die oorsprong van liefde? Waarom is daar liefde? Die Bybel sê; *God is liefde*. Wat beteken dit vanuit 'n empiries,

intellektuele benadering? Of sal God nie liefde kan wees voordat dit bewys kan word nie?

Kan 'n skepsel die een wat hom geskep het verklaar? (Jes. 29:16). Kan 'n skepping die een wat hom gemaak het bevra? Is die skepper nie oneindig meer as die skepping nie? Hoe kan 'n stoel vir die skrynwerker vra: Waarom het jy my so gemaak (waarom 'n voetstoel en nie 'n Lazy Boy nie ) ? Waarom is twee van my pote korter as die ander pote (voedingstoel vir ma en baba), waarom kan ander wieg en ek nie, waarom het jy my vir vuurmaakhout gebruik?

Waarom is die mens so naarstigelik op soek na antwoorde ten opsigte van sinvinding, veral in lyding? Dink die mens dat die lyding minder sal wees indien hy dit kan verstaan of die rede daarvoor kan begryp? Soek die baie vrae dalk na 'n objek vir beskuldiging? Is die mens se soeke na sinvinding in lyding dalk verbloemde opstand teen God? Bevra so 'n mens dalk God se wysheid en oordeel? Is dit dalk 'n poging om vir God op 'n indirekte wyse te sê die mens dink God het 'n oordeelsfout begaan? Is dit dalk opstand teen God vir die pyn en onreg wat gely word? Is die soeke na 'n logiese antwoord dalk die ontkenning van God se soewereiniteit, iets wat net deur geloof tot sy reg kan kom? Of wil die mens, soos Eva, self God wees en glo die mens satan se leuen, dat hy god kan wees, indien hy alles kan ken?

**Hasabneja: Die Here versorg.**

Baie mense het seker al gewonder wat die gedeelte in Markus 2: 18 tot 28 beteken. Dit gaan in hierdie gedeelte oor die feit dat Jesus se dissipels nie soos ander Jode gevas het nie. Jesus se verklaring was dat die bruidegom se vriende tog nie vas terwyl die Bruidegom nog by hulle is nie. Hulle sal wel vas wanneer die Bruidegom nie meer by hulle is nie. In vers 21 in die *Living Bible* word hierdie gedeelte opgeklaar:

*Besides going without food is part of the old way of doing things. Dan kom die gedeelte wat vir baie mense moeilik verstaanbaar is in vers 22:*

*You know better than to put new wine into old wine-skins. They would burst. The wine will be spilled out and the wineskins ruined. New wine needs fresh wine-skins*

Direk hierna volg die gebeure waar Jesus op die Sabbat saam met Sy dissipels deur 'n koringland loop en koringkorrels van die are stroop om te eet. Hierop het die Fariseërs heftig gereageer en gesê dat dit nie geoorloof is om op die Sabbat koring te stroop nie. Jesus se reaksie was dat die Sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die Sabbat nie. Vers 28:

*And I the Man from Heaven, have authority even to decide what men can do on Sabbath day.*

Die tradisies en wette, waaraan die Fariseërs so krampagtig vasgehou het, was die ou wynsakke. Jesus se koms kan met nuwe wyn vergelyk word wat nie in die ou wynsakke van tradisies en wette vasgevang kan word nie. Die evangelie van Jesus sal die tradisies en baie wette van die ou bedeling ophef en met die nuwe wet van Jesus, waarin Liefde en Genade 'n groot rol speel, vervang. Sy koms laat tradisies skeur en tot niet gaan. Tradisies mag nie gebruik word om die boodskap van genade, en verlossing in Jesus, in te perk nie.



26 Mei

## Oggendgebed vir Vandag

### Hasael: God het gesien.

Dankie Here dat U my deur die nag beskerm het en gespaar het om vanoggend nog met U te kan praat.

Here, ek wil graag vanoggend vir ander mense bid. U weet alles. U weet dat daar vandag in Suid-Afrika so om en by 1300 mense gaan sterf. Dit is goed aan U bekend wie hierdie mense is. Sommige van hierdie mense is terminaal siek en hulle verwag ook om te sterf. Here, dit is nie vir hulle wat ek wil intree nie. Nee, Here ek wil bid vir die baie wat nie weet dat hulle vandag gaan sterf nie.

Here, dink tog aan die baie ou babatjies wat geen keuse het nie en wie vandag vermoor gaan word, die slagoffers van aborsies. Hierdie ou mensies wat gaan sterf nog voordat hulle die kans gehad het om een dag te leef. Here U regverdigheid sal bepaal waar hulle die ewigheid sal deurbring.

Here, dink tog asseblief aan die mense wat vandag in motorongelukke gaan omkom. U weet hoe baie van hulle nie gereed is om U te ontmoet nie. Hulle wat op hierdie oomblik net dink aan die verkeer wat vir hulle wag, die eise van die dag, hoe hulle gaan geld maak en dalk aan sondige dinge wat hulle vandag wil doen. Sal U asseblief vir oulaas vir hulle 'n kans gee. Stuur tog iemand of stuur tog 'n boodskap deur die motorradio of deur die internet om hulle vir oulaas 'n kans te gee om U te kies voordat die ewigheid vir hulle aanbreek. Here, daar is

nou 'n mens wat binne die volgende 10 minute gaan sterf in 'n motorongeluk. U ken hom of haar. Asseblief Here.

O Here, dink tog ook asseblief aan die mense wat vandag aan hartaanvalle of beroerte gaan sterf. Dink tog veral aan hulle wat nie na die aanval weer hulle bewussyn sal herwin nie. Terwyl hulle nou nog vrolik in die wêreld en vir die wêreld leef sonder enige gedagte aan dood of aan U. Ruk hulle deur een of ander iets tot die besef dat hulle vandag kan sterf.

Here U weet dat ons land van die hoogste moordsyfers in die wêreld het. Daar is baie slagoffers wat nie nou aan die dood dink nie. Hulle weet nie dat hulle die son nie sal sien ondergaan nie. Help tog Here, gee tog vir oulaas 'n geleentheid aan hierdie mense om in te kom in U koninkryk.

Here dink ook aan die mense wat vandag hulle eie lewens gaan beëindig. U weet hoe satan hulle mislei en bedrieg totdat hulle sy leuens glo dat daar geen hoop of uitkoms is nie. Wys U tog vir hulle die uitkoms wat U bied voordat dit vir hierdie ongelukkige mense vir ewig te laat word.

Meester, dink ook asseblief aan die **rokende houtstompe**; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het maar nog nooit werklik by U uitgekom het nie. U weet hoeveel leef in valse gerustheid, kerkmense wat nog nooit U Heilige Gees in hulle lewens ontvang het nie. Here gee tog 'n opregte bekering, 'n gelowige aanvaarding van U verlossingswerk. Here U weet watter smarte en ontugtering

daar vandag gaan wees wanneer hierdie mens vol verwagting by U opdaag en dan hierdie verskriklike woorde uit U mond sal hoor:

*Gaan weg van my af. Ek ken jou nie.*

Here, dan wil ek ten slotte bid vir die wat reeds nou besig is om deur die vallei van doodskaduwee te begin stap. Dink aan hulle Here. Indien hulle U ken sal U vir hulle 'n sagte oorgang gee. Sal U hulle by die hand neem en volgens U belofte hulle nooit begewe en nooit verlaat nie.

Amen! Amen! Amen! Mag dit so wees Here.

27 Mei

## Sondeput

**Hasiël: Aansien van God.**

*In sondeput geval,*

*Die wanhoop maak my mal.*

*Sondeslyk,*

*Oorweldig my menslikheid.*

*Geen staanplek meer,*

*Slegs wegsink sonder meer.*

*Verstik in slik.*

*Net voor ek ondergaan,*

*Kom Hy in my plek staan.*

*Opgelig, op Sy skouers verhoog,*

*Sonder mensepoog.*

*Turend oor die gatsrand,*

*Na die Beloofde Land.*

*Terwyl Hy in die slyk verstik,*

*Ek klouend aan hemelse geluk.*

*Hy vertrap onder voete van sonde,*

*Bygevoeg by Sy wonde.*

*Verstik, water sluk, asem weggeruk.*

*Kruip ek lewend oor gatsrand,*

*Sonder begrip van mensverstand.*

*Wonderwerk: Hy leef, Hy wag my in, herleef,*

*Om Hom ewig aan te kleef.*

*Sien ek reeds Sy ewige stand,*

*Met uitgestrekte hand,*

*In Hemelland.*

*Ewige Lewe,*

*My God, My God U is die lewe.*

28 Mei

## Om soos Jesus te word

(Hierdie boodskappie dek eintlik die hele Bybel)

### Hasselelponi: Skaduwee deur U gelaat.

#### **Wie is Jesus?**

Jesus is die Seun van God. Hy is self ook God. Hy is die Een deur Wie die wêreld geskep is. Hy is die Een vir Wie die wêreld gewag het om satan se sondemag oor die mense te kom breek. Hy is ons Here Jesus Christus.

Hy het 2000 jaar gelede na die aarde toe gekom, uit die Hemel, waar Hy by Sy Vader was, uit die hemel uit, waar Hy saam met Sy Vader oor alles regeer het. Hy is soos Sy Vader, ewig, almagtig, koning, alwys, alwetend, vol liefde en genade, sonder enige sonde, rein en goed. Hy is verhewe bo alles. Alles is vir Hom gemaak, deur Hom gemaak en Hy is saam met Sy Vader die Groot Ek Is.

Hierdie Goddelike Wese het na die aarde toe gekom; nie in sy glorie en luister en grootheid nie. Hy kom as 'n nederige afhanklike pap baba die wêreld in. Hy word in die nederigste plek denkbaar, 'n stal, gebore. Sy eerste bed is 'n krip. Sy ouers was arm. Hulle was so arm dat hulle nie 'n skaap as offer kon bekostig nie en duiwe as offer moes bring. Jesus kom op die laagste vlak denkbaar die wêreld in. Van sy geboorte af moes Hy vir Sy lewe vlug, eers Egipte toe en later vir Sy eie mense. Hy het nooit 'n huis besit nie, het 'n nederige skrynwerker se werk verrig. Nooit hoor mense dat hy 'n prys gekry het, 'n beker vir uitsonderlike prestasie

verwerf het nie, eerste in Sy klas gestaan het nie, vir die eerste span gespeel het nie of enige uitsonderlike prestasie behaal het nie.

### **Waarom kom Hy so in die wêreld in?**

Omdat geen mense laer, armer, meer afhanklik en nederiger as Hy kon wees nie, sal elke mens op hierdie aarde met Hom kan identifiseer. Hy is nie te hoog vir ons nie. Ons kan soos Hy wees in Sy afhanklikheid, nederigheid, armoede en swakheid. So kom Hy ons te hulp om ons te help aangesien Hy nie so hoog en heilig sal wees dat ons net nooit een met Hom een sal kan voel nie. Ons kan een met Hom voel, uitgesonderd een ding, en dit is die sonde. Jesus was sondeloos.

### **Wat moet ons nou doen?**

In Mat.16:24 staan:

*As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën sy kruis opneem en my volg.*

Kom ons breek hierdie uitspraak van Jesus op in verskillende dele:

*As iemand agter My aan wil kom.*

Dit is nou ons. Ons het gehoor van hierdie wonderlike Jesus en in ons harte ontstaan die behoefte om agter Hom aan te kom. Ons wil dit graag doen. Ons het nog niks gedoen nie, ons wil dit net doen.

*Moet hy homself verloën.*

Omdat baie mense dit nie mooi sal verstaan nie, verduidelik Jesus dit in die woorde wat volg:

*Sy kruis opneem*

In die *Bybel vir Almal* word hierdie gedeelte soos volg vertaal:

*As iemand saam met My wil kom, dan moet hy nie dink aan wat hy self graag wil hê nie. Hy moet lewe soos iemand wat weet dat hy aan 'n kruis sal sterf. Dit is hoe hy My moet volg. Want as iemand homself wil red dan sal hy sy lewe verloor. Maar as iemand sy lewe verloor omdat hy lief is vir My, dan sal hy sy lewe red. As jy alles in die wêreld kry, maar jy verloor jou lewe, dan help dit jou niks.*

Ons is nie van die begin af moedeloos oor 'n opdrag wat vir ons onmoontlik lyk om uit te voer nie. Omdat Jesus is soveel nederigheid na ons toe kom sien ons kans om Hom te volg. Dit lyk moontlik. Nie een van ons is so arm, so afhanklik, so swak as wat Jesus was toe Hy in die wêreld ingekom het nie.

Jesus is so goed vir ons. Hy kom ons tegemoet, ons wat voel ons is swak, afhanklik en onbekwaam.

Dit is net die van ons wat dink dat ons iets en iemand is wat probleme gaan kry. Ons kan nie op 'n hoë vlak by Jesus se nederigheid probeer inskakel en met Hom een probeer word nie. Ons sal moet laag buig, ons ontledig van ons eie gewaande belangrikheid, onafhanklikheid en grootheid, voordat ons toegang tot Sy Goddelikheid sal kan kry.



**Hassub: Verstandig.**

*Wat beteken dit om iets te besit?*

Beteken dit dat ek die volle prys vir dit wat ek gekoop het, betaal het, dat ek die eienaar is van dit wat ek gekoop het? Nou dat ek die eienaar is, kan ek met my eiendom maak wat ek wil? Wat gebeur met my eiendom wanneer ek te sterwe kom? Bly dit my eiendom of moet ek dit afstaan? Mag 'n dooie mens nie eiendom besit nie? Mag ek hoogstens na my afsterwe bepaal wie die eiendom moet kry? Besit ek eiendom bloot tot ek te sterwe kom? Daar moet altyd onthou word dat jy by afsterwe niks meer kan besit nie, jy kan hoogstens bepaal wie beheer en bestuur van dit wat aan jou behoort het gaan oorneem. Ook hierdie persoon het nie werklik besitreg nie maar eintlik net bestuur en okkupasievoorregte vir die lewensduur wat nog vir die persoon voor is. Ook hy besit niks na sy dood nie. 'n Dooie kan niks besit nie. Hy het nie meer sê in die wêreld van die lewendes nie. Hy kan nie dubbele burgerskap hê in die hemel (of hel) en op die aarde nie. 'n Mens kan slegs 'n heel beperkte hoeveelheid opgebruik tydens sy leeftyd. Drie ou bordjies kos 'n dag, een stel klere om aan te trek per dag, een voertuig wat 20 jaar gebruik kan word, een bed om op te slaap, een stoel om op te sit, een tafeltjie om op te eet. So sal langs die graf van een persoon miskien gevra kan word: *Wat het hy met al die geld gedoen wat hy verdien het?* Terwyl by 'n ander se graf gevra sal word: *Wat wou hy met al die geld gedoen het wat hy verdien het?*

Indien jy op die ouderdom van 80 deur 'n luukse kUSDorp stap val die aantrekkingskrag van om een van die eiendomme te besit weg. Dit is in sterk teenstelling met jou stap 50 jaar vroeer toe jy sterk begeer het om een van dié pragtige wonings te kan besit. Op 80 weet jy jy kan nie regtig besit nie, hoogstens bewoon en bestuur, vir 'n korter of langer tydperk. Die luukse eiendomme begin dan al meer soos oornaghutte lyk; oornaghutte op die lewenswandelpad na die ewigheid. Om te besit is amper soos die virtuele werklikheid wat die mediawêreld vir die mediagebruiker skep. Dit is net 'n ware werklikheid vir jou solank jy uit die mediaperspektief kyk. Die oomblik dat jy uit ander perspektiewe as die sekulêre begin kyk, en die tradisionele mediaperspektief begin bevraagteken, kom die moontlikheid van waarheid binne jou bereik, *soos die waarheid om te besit*.

30 Mei

## Om te glo

### Hasum: Ryk.

My vriend, jy vra my **of ek al gesien het hoe 'n mens gesond word nadat vir hom gebid is?** Ek lei af dat dit vir jou moeilik is om in God te glo indien jy nie gesien het wat Hy doen nie.

Kom ons begin by 'n ander plek. Jy ry met jou Volkswagen af na Kerkstraat toe. Jy sien hoe baie karre in Kerkstraat ry. Die robot is vir jou rooi. Jy trap die rem en jou karretjie stop by die rooi lig. Jy moes darem baie vertrou in jou ou karretjie se remme gehad het, in die voertuig se vermoë om te kan stop, al weet jy dit het al baie gebeur dat 'n voertuig se remme ingegee het. Jy vertrou die Duitsers wat die karretjie ontwerp het, jy vertrou die mense wat in die fabriek die voertuig aanmekaar gesit het, jy vertrou die werktuigkundige wat laaste aan die voertuig gewerk het, **Jy het baie geloof in mense en in ou karre**, al het jy nie gesien hoe hulle jou kar bou, die moere vasdraai, die remskoene opsit, die remstelsel bloei en die remme toets nie. Jy vertrou hulle en die voertuig blindelings met jou lewe elke keer wat jy in jou kar klim. **Jy het voorwaar baie geloof sonder om te sien.** Waarom is dit dan so moeilik om God wat alles gemaak het, ook jou liggaam, te vertrou vir genesing. Waarom wil jy eers sien of God kan, voordat jy bereid is om Hom te glo. Toe jy die eerste keer in die ou verwaarloosde karretjie geklim het, het jy nie geweet of sy remme werk nie. Dit is eers toe jy 'n paar keer die remme getrap het dat jy gesien het dit werk en dat

jy vertrouwe in die voertuig se remme ontwikkel het. Net so met God. In Jakobus 2: 22 staan die volgende woorde opgeteken:

**Vanuit die dade word die geloof volkome.**

Dit wil sê dat wanneer jy in geloof optree, en doen asof jy glo, die geloof in jou groei totdat dit groot en sterk is. Net soos jou geloof in jou ou karretjie, toe jou geloof in die kar se remvermoë gegroei het elke keer wat jy die remme gebruik het. God is tog meer as die karretjie. Hoekom nie ook God se remme toets en gebruik nie.

God sê in Sy Woord dat geloof die vaste vertrouwe is op die dinge wat ons hoop, dat dit **die bewys is van die dinge wat ons nie sien nie.**

Toe Thomas na Jesus se opstanding gesê het dat hy nie sal glo dat Jesus opgestaan het uit die dood as hy nie sy vinger in die gat van die spyker in Jesus se hande kan steek nie, het hy ook soos ons vandag gemaak, en gesê: **Ek wil eers sien en voel voordat ek sal glo.** Jesus het die ongelowige Thomas tegemoet gekom en het aan hom verskyn met die uitnodiging om te doen wat hy wou doen. Al wat die verslae Thomas kon uitkry was: **My Here en my God.** Jesus het toe gesê: **Salig (baie gelukkig en geseënd) is die wat nie gesien het nie en tog glo.**

Elkeen van ons het 'n bietjie geloof van God ontvang. Hoe dit in ons sal vermeerder hang van onself af.

Nee, my vriend, ek het nog nie gesien hoe 'n blinde se oë geopen word, of hoe 'n dowe begin hoor of 'n gebreklige begin loop nie. Ek het ook nog nie my karretjie se remstelsel geïnspekteer nie. Ek glo in my Opel se remme maar ek glo nog meer in God, al het Hy nog nie vir my gewys wat Hy alles kan doen nie. Hy kry elke more hierdie lewensmotortjie aan die gang. Vir 75 jaar het ek nog nooit hongergely nie, nog altyd het Hy my deur die nag beskerm, nog altyd het Hy vir my werk en geld voorsien, nog altyd het Hy Sy Woord vir my beskikbaar gemaak, nog altyd het Hy my geloof in Hom laat groei. Nog altyd was Hy vir my daar, het Hy my uit Sy Woord vertroos met die wete dat Jesus vir al my sondes aan die kruis op Golgota geboet het. Nog altyd, nog altyd, en ek weet Hy sal dit enduit doen.

**Hebron: Vergaderplek.**

Die oersonde van die mens is nie eintlik om soos God te wil wees nie maar om sonder God sy eie god te wees. Die mens probeer dit bereik deur onafhanklik van God te wil wees. In die mens se eie selfgenoegsaamheid voel hy soos sy eie god en het hy die Lewende God nie nodig nie.

Die natuurlike ongeredde mens leef volgens hierdie beginsel. Die probleem kom egter vir die geredde kind van God wat nog steeds luikende swakhede van die ou mens in sy samestelling het waarteen hy enduit sal moet baklei. Een van hierdie swakhede wat in die meeste Christene agtergebly het is die onafhanklikheidsstrewes.

Deur die mens se natuurlike onafhanklikheidsstrewes kry satan maklik toegang tot die lewe van selfs die gelowige kind van God. Elke mens soek van nature na sy eie eer en belangrikheid, om sy eie koninkryk op te bou en te beheer en te bestuur, om sy eie wil te kan doen. Hierdie strewes is in direkte teenstelling met dit wat Jesus ons geleer het om na te streef soos in die Onse Vadergebed; *laat U Naam geheilige word, laat U koninkryk kom en laat U wil geskied.* (Mat. 6:9). Die mens glo dat hy homself kan dien indien hy net onafhanklik kan wees. Om afhanklik te wees word as 'n swakheid deur die mens gesien. Eer kom die mens toe wat onafhanklik sy eie ding doen, van niemand afhanklik is nie en niemand anders nodig het nie. Verskillende mense probeer op verskillende maniere onafhanklik

word. Die meeste mense sien 'n oormaat geld as die beste vorm van onafhanklikheid. Hulle glo dat geld mag is en jou van ander onafhanklik maak. Ander sal in hulle kwalifikasies en beroep hulle onafhanklikheid soek. Solank hulle die sekuriteit van hulle kwalifikasies het en eendag gemaklik op pensioen kan gaan. Dan is hulle immers ontslae van die baas wat vir hulle sê wat om te doen, dan kan hulle doen wat hulle wil, wanneer hulle wil, sonder om rekenskap aan ander te gee. So word hulle die koning van hulle eie koninkryk en kan hulle doen wat hulle wil.

Teenoor die hunkering van die mens om onafhanklik van God sy eie god te wees, staan dit wat God van die mens verlang; *As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg* (Mat. 16:24). Die lewe van die gelowige is die direkte teenstelling met die lewe van die mens wat in onafhanklikheid sy eie god probeer wees. Dink maar net aan iets soos om in God te glo en Hom te vertrou teenoor om in jouself te glo en op jouself, jou eie vermoëns en eie bekwaamhede, jou professionele kwalifikasie, jou geld en jou kontakte te vertrou.

Die gelowige mens se stryd is teen die ou mens se strewes wat diep in sy verborge binneste roep na bevrediging. Die gevaarlikste, subtielste vorm van hierdie misleiding is in die strewe van die mens om onafhanklik van God sy eie wil te doen.

\*\*\*\*\*